

glie(zwortel); kambro(e); kamero(e); kamko(e); karie-(zwortel) en ko(e); almal eetbare knolle en wortelgewasse; gbwarrie(bos) en noem-noem, waarvan die vrug eetbaar is; boomname soos dawee; kamassie; karee; en ander plante-soorte soos bietou; ga(gras); ganna(bos); goree; kama; neuta(bossie); nokka; norra of norretjie; miskien al tsamma; twa(gras) e.a. Name van diere is koedoe; kwägga (wildeberd of -paard vroeër; die Hottentotnaam is moontlik klanknabootsend); oorbietjie of oribi; noemetjie (ook blou- of kleinbokkie), almal antilope; verder die geitjie, graatjie(meerkat); karee-ogie e.a. By die vroeër aangeduide name vir tipiese Hottentotse begrippe (waar- onder karos en kerie) kan gevoeg word: abba uit die kindertaal en gorra; uit sy veeterme gus(ooi)(die -s is vroulike uitgang) en trassie; die uitroep is reeds genoem; verder nog boeka (toeka) en kamma (of kammakasta, -kastig, -lielies; kammastig, kamstig, kamtig).

Prof. Scholtz beskou die volgende, tot streke beperk, as vermoedelik van Hottentotse oorsprong, nl. die plantsoorte ajosie, aroena, boela, garra, gonna, kammie-(bos), keita, koenie, krietiekom, namtarrie, oukoe e.a., paddaname soos plandoeka of platmadoeka, pamploet of platploet e.d. (Naamgewing 103-4).

Dit is nie absoluut seker dat al die woorde aan Hottentots toegeskryf moet word nie. Oor die afleiding van sommige heers ook onsekerheid. Sparrman (II 329) verhaal 'n anekdote waarvolgens 'n aalwynsoort goree so genoem is na 'n slaaf van die naam, maar Claudius gee in 1685 al twee tekeninge van so 'n plant en vermeld dat dit onder die verre Namakwas as *degorée* en *gorée* bekend was, waarmee ongetwyfeld dieselfde plantsoort bedoel word (G. Waterhouse: *Simon van der Stel's Journal of his expedition to Namaqualand*, Dublin, 1932, bl. 107 en 109). In Claudius se beskrywings kom ook voor *berroé* (ons *baro(e)?*); *chara* ('n meerkat); *gambry* (ons *kambro?*); *kanna* (die geurige stam en wortel word graag gekou) e.a., almal as woorde wat toe nog duidelik buite die taal van die koloniste gestaan het. Dit is, met Claudius se werk voor ons, eintlik verbasend hoe heel

gering die aantal ontleninge aan Hottentots is. Hierdie soort orname getuig weer nie van diepgaande invloed nie, daar hulle op nuwe en onbekende begrippe betrekking het. Terwyl dit opmerklik is dat *wildepaard* (waarskynlik 'n Lehnübersetzung uit Portugees) en *-esel* of *streepesel* in hierdie tydvak deur *kwagga* en *sebra* verdring word, is die teenoorgestelde tog die normale: die koloniste het gewoonlik selfskeppend opgetree. Dit gaan nie op om net te meen dat die moontlik klanknabootsende krag van *kwagga* dit 'n voorsprong besorg het nie, want die eweneens klanknabootsende en daarby kort *gbnoe* kon dit nie teen *wildebees* (meestal nog met 'n beskrywende voorstuk verleng) volhou nie (vgl. *Reizen in Zuid-Afrika* II 71). Een rede waarom die een in Afrikaans algemeen geword en die ander ondergegaan het, lê in hulle leefbaarheid onder die Hottentotte self. Lichtenstein het in 1805 geen Hottentot gevind wat die wildebees onder die „alten Namen“ *gnu* meer geken het nie. (*Archiv* 1808, bl. 265).

Party van die Hottentotwoorde is bepaald nie langer as ontleninge gewaardeer nie, soos *geitjie* (uit /*gei* en die vroulike uitgang *-s*, 'n akkedissie) en *graatjie*-merkat (uit *garda* (so by Gordon), 'n merkat), wat albei deur die aanhegting van die Afrikaanse verkleiningsuitgang veel van die vreemdigheid kon inboet, terwyl *graatjie* nog homonimiese aansluiting gevind het. Die proses van nasionalisasie sien ons mooi in die volgende gevalle as die vermoede van prof. Boshoff juis is dat ons hier met dieselfde Hottentotwoord te doen het, hoewel dit telkens op 'n ander boomsoort van toepassing is (s.v. 42); dan skrei dit voort van die Hottentotwoord *darib*, *darweb*, met die manlike uitgang *-b*, of daarsonder in *darwee*, oor die weg van die volksetimologiese *dawidjies* met sy Afrikaanse uitgang van verkleining, of langs die hibridiese *dawidsworteltjies*; hieruit het die volksverbeelding dan 'n persoon Dawid geabstraheer om die weg te baan vir die spreekwyse: *by weet waar Dawid die wortel gegrawe het* (Boshoff: *Beskouinge en feite*, Kaapstad, 1936, bl. 95-6).

Dit kom dikwels voor dat by inburgering aan die spesifieke Hottentotnaam die algemene Nederlandse soort- of groepnaam opposisioneel geheg word (*ga-gras*; *ghwarriebos*; *gliestortel*); ek meen dat *hartbeesbuis* of *-but* ook so 'n hibridiese samestelling is wat volksetimologies verander het. Die verklaring is die volgende: (a). Volgens dr. Mansvelt in *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* (Utrecht, 1884, bl. 58) staan die tydelike ruwe huisie op een of ander manier in verband met die hartebees, die Nederlandse vorm van 'n Germaanse naam met 'n Afrikaanse toepassing. Hierdie wildsoort was vroeër baie volop en is graag geskiet (Sparrman I 131).

(b). In dieselfde jaar as Mansvelt se lys verskyn, is H. Elffers se *Practical Dutch Grammar* te Kaapstad uitgegee, en onder die „Cape Idioms” sê hy onder *hartbeesbuis* (bl. 306 van 6de druk); „eigenlijk hard-bies-huis.”

(c). My poging sluit gedeeltelik hierby aan. Die oudste bewysplaas tot dusver vind ons by Van Oordt (*Kaapse Taalargief* I 8) waar J. van Reenen aan die Kaap 'n brief skryf, gedateer 1769, om te sê dat hy 'n blanke kneg op 'n plaas aan die Sakrivier „ontmoet Ben in een Harte Beest Huijsje so onder de Buyte liij genaemt;” in 1770 is dit weer gedokumenteer in Swellendam waar gepraat word van 'n eensame *hartebeest butje* aan 'n fontein (ald. III 32). Die woord skyn dus teen 1770 onder die buiteliëde algemeen in gebruik te wees, en wel in sy huidige vorm, ook wat die eerste gedeelte betref, om 'n tydelike, ruwe voorposwoninkie aan te dui. Hiernaas kom *matjeshutten* (bv. by Kolbe), *strooibuisen*, *strooibuisjes* en *stroobutten* dikwels voor, bv. in 1707 „stroo huijsen van hottentotten” (*Taalargief* III 33) en verskeie ander bewysplase aldaar; dit lyk asof dit die algemeenste benaminge in die eerste helfte van hierdie eeu was, en dat daarna skeiding gemaak is tussen *hartbeesbuisies* as aanduiding van die matjieshuisies waarin net blankes woon en die ander benaminge vir die matjieswonings van gekleurdes, wat later uit *stroo(i)buis* saamgetrek is tot *stroois* of *struis*,

na gelang die aksent swaarder op die eerste of die tweede lettergreep van die samestelling val.

Die matjieshutte bestaan uit matte wat oor latwerk geplaas word. Die matte word van 'n soort rietgras gemaak, „eine Cyperus-Art aus der Sektion Mariscus, mit fettglänzenden Halmen und daher von den Hottentotten /*bumi* /*barus* bezeichnet . . . Die Matte wird im allgemeinen /*barub* genannt; mit !*gub* wird eine Matte bezeichnet, die aus beträchtlich stärkern und längeren Halmen gefertigt ist . . . Eine Matte hält 10-15 Jahre ,” en heet dan /*bami* (L. Schultze: *Aus Namaland und Kalabari*, Jena, 1907, bl. 230-1). Ook by Planert (*Handbuch der Nama-Sprache*, Berlyn, 1905) word 'n biesiesmat aangegee as /*barub*, en by Krönlein, alwaar ook /*baru-omi*, 'n matjieshuis (s.v.) *Hartbeeshuis* is dan 'n /*baru(b)-bies-huis*, waar *bies(ies)* as 'n groepnaam geheg word aan die spesiale soortnaam, bv. in teenstelling met /*gu(b)-bies(ies)*.

Nou is dit opmerklik dat ons van die vroeë begin af lees hoedat veeposhouders en pionierboere sulke tydelike noodhulpwonings betrek het, byvoorbeeld in Van der Stel se *Korte Deductie*. In 'n passasie beskryf hy eers 'n veekraal uit takke „omme alsoo des nagts het vee in deselfde open tusschenplaets te jagen, tot sekuriteit, tegen allerhande wilde gedierten. Waerbij dan oock een hutje van stroo of tacken werdt gemaectt van sulcken omtreck dat twee à drie veehoeders in het selve des nagts konnen rusten . . .” (aangehaal deur Van der Merwe: *Trekboer* 70). Ongeveer dieselfde tyd, nou in 1706, word in die *Criminele Process Stukken* ook melding gemaak van „een verlaten boereplaetsje” waar „een gemaectt huijsje van ruijgte” aangetref was (TWK Maart 1928, bl. 152.) Sulke wonings het by die beweeglikheid van die trekboer se lewe gepas en is op sigself ongetwyfeld in navorolging van die Hottentotse woningbou; dit het sy voordeel gehad in 'n tyd toe die vervoer van boumateriaal eenvoudig onmoontlik was. Eintlik is dit nie bevreemdend om by dr. Van der Merwe te lees nie: „Dit is vandag nog

'n vaste gebruik in Namakwaland om gedurende die uitlêseisoen in matjieshuise te woon" (*Trekboer* 172).

Hoewel ons gedurig hoor hoedat sommige van die voorste trekkers of seisoentrekkers dieselfde soort hutte as die Hottentotte gehad het (W. Paterson: *A narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Caffraria*, Londen, 1789, bl. 47), was die huisies egter nie altyd *matjies*-hutte nie. Sparrman noem meer as een soort, daaronder tydelike wonings van latte, leem en klei (I 312), en Barrow praat van „four low mud-walls, with . . . a thatch of rushes" (I 135). Dit is sulke omstandighede wat seker meegehelp het dat *harubiesbut*, miskien via *hardebiesbut*, verskuif het tot *hartebeesbut* (veredel tot *-buis*), d.w.s. weg van *bies* waarmee dit geen verband meer gehad het nie, hoewel daar ook geen klaarblyklike rede bestaan het om nou by *hartebees* aansluiting te soek nie. Daardeer is ewenwel skeiding tussen die primitiewe wonings van koloniste en nie-blankes gebring, en het die gevoelswaarde „verbeter" (Oor die *ie-ee* by *bies-bees* in Hottentotmond straks meer).

Die vraag is of daar nie nog verskeie ander sulke woorde in ons taal skuilgaan nie; behoort *nooiensklip* (uit *!nons*), *oudak* (soort padda), *ouvolk* (skurwejantjie), *platanna* en dergelikes nie ook hier tuis nie?

Oor Lehnübersetzungen verkeer ons eers in die duister. Toevallige aanduidinge by plekname besit ons wel (vgl. wat gesê is by die reis van Hartogh), maar origens kan ons alleen vermoed dat ons verskillende aanwinste deur middel van leenvertalings verkry het. Miskien is die ou naam van die sekretarisvoël hiervan 'n voorbeeld. *Slang(en)vreter* staan al by Kolbe vermeld (I 214), en Sparrman verseker ons: „The Hottentots gave it a name most suitable to its nature, viz. as translated into Dutch, *slangenvraater* . . ." (I 154).

Hierdie uitsonderlike voëlsoort het die belangstelling van natuurliefhebbers gaande gemaak. Die eerste wetenskaplike beskrywing hiervan word in 1769 deur Vosmaer gegee, wat meedeel dat dit aan die Kaap bekend is as „Sagittarius or Archer, from its habit of striding

like a bowman about to shoot, and that this name had been corrupted into *Secretarius* . . .” (A. H. Evans: *Birds*, Londen, 1899, p. 141-2).

As bedink word dat die wetenskaplike naam — wat by bekende diersoorte natuurlik eers later as die volksnaam kom — volgens gewone gebruik waar dienlik by die volksnaam aansluit indien onderskeidend genoeg, dan lyk hierdie verklaring twyfelagtig. *Sagittarius* hang nou enigsins in die lug; dit was waarskynlik nie die beginpunt van of die aanleiding vir die volksetimologiese verdraaiing tot *sekretaris* nie, maar dit is eerder andersom, naamlik dat die volksnaam *sekretaris* die klankverwante Latynse woord *sagittarius* vir boogskutter, op sigself romanties genoeg maar losstaande, vir die geleerde gesuggereer het.

Daar teenoor staan die geleerde naam *Serpentarius* wat direk by die karakteristieke *slangvreter* aansluit en byna deurgaans, ooreenkomstig die gewone prosedure, gebruik is. Dan lyk dr. Forster se verklaring uit 1775 aanneemliker: „*Falco serpentarius* F. *Incolae* Belgae litteris eruditi, hanc ob rationem voce latine *serpentarium* vocavere, quod tamen imperitum vulgus nunc in *Secretaris-Vogel* detorsit” (I. R. Forster: *Descriptiones animalium* . . ., Berlyn, 1844, p. 397). Hierdie opvatting herhaal Forster in sy verduitsing van Thunberg se joernaal as *Reisen in Afrika* . . . (Berlyn, 1792, bl. 34). Die beginpunt is dan *serpentarius*, en deur die penne agter die oor het die uiterlike gelykenis die verspringing moontlik gemaak tot die klankverwante en ritmies-gelyke volksnaam. Die leenvertaling uit Hottentots het dan via die verdraaide, eintlik poëtiese vernederlandsing van die Latynse ekwivalent daarvan tot ’n nuwe vonds gelei, altwee langsmekaar bewaar in die wetenskaplike naam *Serpentarius secretarius*, en wat as *sekretarisvoël* in al die ander tale in aangepaste vorm oorgegaan het.

Hierby behoort gevalle soos *elandsvoël* en *witkraai* waarop prof. Scholtz reeds gewys het. Die oorspronklike naam van die *elandsvoël* „was given in the language of the Hottentots, who believe that it is an attendant on the

antelope called *Eland*; or at least, that it is an indication of that animal being not far off" (aanhaling ook by Scholtz *Naamgewing* 61). Die Namakwas noem 'n giersoort *oeri-goerab*; !*Uri* beteken *wit* en *goráb* 'n *kraai*, „sodat die misleidende Afrikaanse naam klaarblyklik 'n letterlike vertaling uit die Hottentots is." (Scholtz 55). Dit laat 'n mens terloops weer dink aan die uitspraak van Goethe wat deur Bach aangehaal word: „Die Gewalt einer Sprache ist nicht, dass sie das Fremde abweist, sondern dass sie es verschlingt" (*Geschichte der deutschen Sprache* ⁴ (1949) 24).

* * *

Hiermee laat ons die direkte invloed van Hottentots daar. As ons nou in die tweede plaas by die invloed kom wat van Hottentot-Nederlands op die blankes se taal kon oorgegaan het, dan moet ons eers weet hoe hulle Kreools daar uitgesien het. Ongelukkig is my ook hiervan geen aaneenlopende stukke uit ons tydvak bekend nie. Dit kan seker aangeneem word dat waar hulle Nederlands afgewyk het, dit as plat gewaardeer is.

Vir die Hottentot moes dit 'n hele prestasie gewees het om die nuwe taal baas te raak en byvoorbeeld die uitspraak reg te kry. Volgens Lichtenstein het dit hom oorspronklik ontbreek aan wat in Duits weergegee word met *f*, *v*, *w*, *l*, *sch* en *ks*, en terwyl hulle die menigte keelgeluide presies onderskei en uitmekaar hou, laat hulle fonologiese sisteem 'n verwarring by die lip- en tandkonsonante toe en vind verwisseling maklik plaas by *t* en *s*, *b* en *d* (*bachab*, *dachab*), *d* en *g* en *b* en *p*. In sy woordelys het Lichtenstein toe maar sonder die *p* klaargekom! Die Hottentot het graag gevelariseer en genasaleer; sy spraakgewoonte was sodanig dat hy die opmerker onder die indruk bring het dat hy in die keelkrop praat.

Sy vokale het vir die blanke se oor ook dikwels iets onbestemds gehad, bv. by die *i* en die *o*. In die leenwoorde uit Hottentots het ons al die dubbelheid gemerk, so in *davi*(*b*) en *dawee*; *krie* en *karee*; of in *baroe* en *baro*, *kambroe* en *-bro*. In die eerste paragraaf van sy *Lehrbuch der Nama-Sprache* (Berlyn, 1909, p. 1) sê Meinhof met

betrekking tot die *e-ie* en *o-oe*: „Wenn die Vokale alleinstehen, kommen *e, i, o, u* nur in enger (geschlossener) Aussprache vor, weshalb der Anfänger leicht *e* als *i* und *o* als *u* hört. So erklärt sich der häufige Übergang von *e* in *i* bezw. von *o* in *u*.“

Hierdie losheid is nie van belang ontbloot nie. Ons moet aanneem dat hoewel sulke verwisselbaarheid van streek tot streek kon verskil het, daardie Hottentotte wat dit wel gehad het, dit in hulle uitspraak van Nederlands as neiging bewaar het, d.w.s. dat hulle Nederlands soms daardeur gekenmerk was deurdat die *o* as *oe* en die *ee* as *ie* gehoor is. Daarvan het ons in *boes(ies)man* 'n voorbeeld vermoed en dit beskou as 'n Kreoolse wisselvorm wat weens tiperende toepassing deur die koloniste self oorgeneem is. M.b.t. *ee-ie*, d.w.s. die onduidelike afstandsbewaring tussen hulle sodat die een in die ander oorloop (vgl. *dawi(b)* en *dawee*), het ons by *hartebeeshuis* 'n voorbeeld gevind, na ek meen, wat dit treffend veraanskoulik. Die bestanddeel *bies* van die oorspronklike *haru(b)-bies-huis* is later deur die blankes aangevoel as die Hottentotse „plat“ wisseluitspraak van *bees*, en dit het aanleiding gegee tot die „veredeling“ van die oorspronklike *bies* tot *bees*, die beginpunt van die omvorming, om vervolgens die volksetimologiese aanpassing tot *hartebees-huis* te bewerkstellig, in die proses aangehelp deurdat die verband met *bies(ies)* as boumateriaal later totaal verlore geraak het.

Oor die algemeen wil dit sê dat, gelet op die groot verskil in sosiale milieu tussen kolonis en gekleurde, daar in die opsigte van dié tipiese uitspraakneiginge 'n konflik tussen plat en beskaaf te voorskyn geroep is.

Die vraag of daar nog „relikte“ van die toestand bewaar gebly het, wil ek na aanleiding van *mierkat* stel. In Mnl. heet dit *meercatte* (Verdam s.v.) en ook die WNT gee net een vorm aan, die met *ee*, oudtyds ook gespel *ei*. Duits het *Meerkatze*. Die gebruik van *meer* as *see* is lank reeds in Ndl. verouderd, maar dit is in hierdie woord nog bewaar, en Vercoullie teken by *meerkat* aan: „Het dier komt van over zee, namelijk uit Afrika“ (s.v.).

In prof. Kloeke se *Taalatlas* kon ek nie uit 'n gelyklopende voorbeeld nagaan of daar in die huidige Nederlandse dialekte so 'n wisseling *meer/mier* bestaan nie. Dit lyk egter redelik seker dat hierdie woord slegs, of altans nagenoeg net in die vorm *meerkat* hierheen gebring is, sodat *mierkat* dan 'n plaaslike doebletvorm is, 'n Afrikaanse variant. Een van die vroeë direkte aanduidinge van die gebruik van die samestelling *onder die koloniste* is by Barrow te vind: „small quadrupeds . . . known to the colonists under the general name of *meer-kats*” (*Travels* I 231, ook by Pettman 316).

Ons kan *mierkat* nog verder isoleer. Dit is ongetwyfeld iets anders as die gewone vernouing van die gerekte en geslote *ee* tot *ie* wat soms in Paarl en omstreke gehoor word, want voor *r* (net soos voor *l*) gaan die *ee* dáár nie oor tot *ie* nie (vgl. T. H. le Roux: *Beschrijvende klankleer van het Afrikaansch* 1910, bl. 23). *Mierkat* in die Boland behoort dus tot 'n ander konstellasië as die „dialektiese” verhoging van die *ee* daar. Die grenslyne tussen die twee vorme moet nog getrek word, maar dit lyk of ons die vasstelling kan maak dat *mierkat* 'n goeie houvas gekry het in die gebiede waar daar noue aanraking met oorspronklike Hottentots-, „Afrikaans” was. Steunende op aanduidings by Von Wielligh (*Ons Geselstaal*) skyn dit of *mierkat* in die Noordweste nie ongewoon is nie (vgl. bl. 164 a.w.). Dit is blykbaar ook die geval in Suidwes-Afrika. Terwyl reisigers soos Barrow (o.c.), *Steedman* (*Wanderings and adventures in the interior of Southern Africa* 1835 II 296), en natuurkundiges soos Sclater en Austin Roberts die vorm *meerkat* aangee, vind ons by G. S. Shortridge *The mammals of South-West Africa* (1934) by die *Cynictis* en *Suricata* deurgaans die Afrikaanse benaminge *mierkat* wat hy by die inwoners in Suidwes self verneem het. Daar is dus m.i. 'n sterk mate van waarskynlikheid vir die opvatting dat hierdie *mierkat* die „onbestimmte” (Lichtenstein) *ee*-uitspraak van die vroeëre Hottentotte verteenwoordig, en omdat die insekvetende *meerkat* inderdaad ook termiete as voedsel gebruik, het die „volksetimologiserende” gemeenskap daaraan vasge-

hou en het *mierkat* sekondêr as 'n goeie vorm opgekom. Dr. Schonken skyn dit selfs as die primêre vorm te beskou (*Volksoverleveringen* 126).

Prof. Kloeke het ons probeer bewys hoe die eerste *ie* in *bietjie* uit bepaalde Nederlandse dialekte kon ontwikkel het (*Herkomst en groei van het Afr.* 136-9), maar dit het met sy poging nie alte maklik gegaan nie, soos uit twee van sy sinnetjies afgelei kan word: „Zo konden in het *-tjie*-gebied (in Nederlands) slechts een twaalftal *bietjie*-vormen met zekerheid worden aangegeven” (deels omdat die gegewens nog onvolledig is). Dit is darem min vir konklusies. „Het is toeval dat *bietjie* (anders dan *treedjie* en *kleedjie*) ten slotte de gefixeerde vorm geworden is.”

Dit laat my wonder of ons in hierdie veelgebruikte woord (dink aan die lotgevalle van *baie*) nie eerder ook 'n oorblyfsel van die ou teenstelling *ee/ie* onder Hottentotse invloed moet sien nie, of moet ons in plaas van „teenstelling” liever sê: die punt van verwisselbaarheid van twee fonologiese groepe? Dit open terloops 'n interessante vraag by die woord *beet*, waarvoor die Nederlanders meestal *biet* sê.

Met betrekking tot die vormleer het Lichtenstein 'n baie belangrike paragraaf. Eers sê hy dat hoewel Hottentots 'n oneindige en van streek tot streek variërende aantal partikels en „Einschiebsel” het, dit veral gekenmerk word deur 'n „Mangeln des Artikels und der Hilfszeitwörter. Unbiegsamkeit der Haupt- und Zeitwörter, und Willkürlichkeit der Wortstellung” (*Archiv* 1808, bl. 280), eienskappe wat in hulle Kreools oorgedra word, „daher auch alle Hottentotten, wenn sie Holländisch sprechen, gar nicht conjugieren, sondern die Unvollkommenheit ihrer eigenen Personalfürwörter und Zeitwörter in das Holländische übertragen, also z.B. *Ik is, Gy is, Hy is, Ons is* (statt *Wy zyn, Jully is* (statt *Gylieden zyt*), *Hully is* (statt *Hunlieden* oder *zy zyn*) etc.” (*Archiv* 1808 bl. 282). Terloops moet op die implikasie van die stelling gelet word, naamlik dat dit kenmerke van *Hottentots-Hollands is in teenstelling met die taalgebruik*

van die blankes, wat nog nie dié mate van gelykmaking geken het nie. Op die oomblik geld dit ongetwyfeld nog as plat en „verkeerd.”

Jammer dat Lichtenstein ons nie meer gee nie, byvoorbeeld oor die sinsbou. Hottentots moes in die loop van oor die 200 jaar sedert 1652 voordat dit enigszins uitvoerig en wetenskaplik opgeteken is, veel verander het, d.w.s. nie minder as 17de eeuse Nederlands nie. Maar as ons nou in die handboeke van Tindall, Wallmann, Hahn, Planert en Meinhof lees dat Nama 'n eie dubbele ontkenningsmanier het of 'n voorliefde openbaar vir verkleiningsvorme, vir reduplikasies en modale versterkings, of dat dit wendings het wat woordeliks ooreenstem met die *man se perd, die vrou se mandjie* (*se* by vroulike woorde), dan mag ons dit seker op 'n vroeër tydperk projekteer as 'n voortsetting van wat toe reeds gewoon was, en dan is dit miskien ook in Hottentots-Hollands oorgedra. Hoewel dit my redelik voorkom, bly dit egter so spekulatief dat ek met hierdie vae aanduidinge daarmee wil volstaan totdat ons in die blankes se taal (waarom dit tog eintlik gaan) die werklike verskynsels geboekstaaf aantref.

Dit bring ons ten slotte by 'n prinsipiële saak. Hoe moet ons ons die beïnvloeding voorstel? Dit is duidelik dat daar 'n skerp onderskeid gemaak moet word: aan die een kant is daar die Kreools-Nederlands (ons kan dit van nou af gerus Kreools-Afrikaans noem) van die Hottentotte waarop hulle oorspronklike taal 'n beslissende inwerking gehad het en waarin hulle denkwysse tot openbaring kom. *Dit is 'n aparte, 'n eie taalvorm* met sy eie gedraginge en sy eie gees en sfeer. So vertel Sparrman dat 'n Hottentot graag met 'n draai praat („and when at length he does speak of it, it is with a kind of circumlocution, or, as the colonists call it, with a *draij*, a sort of twist or winding” II 96). En later vertel Teenstra ons (1825) oor die Hottentotte se suigklanke: „de klanken die zij (*ook in het gebroken Hollandsch*) tusschen die woorden voegen,” (my onderstreping).

Daarteenoor staan 'n heeltemaal *ander* norm, die taal

van die koloniste, met 'n wesentlik onderskeidende ontwikkeling wat 'n direkte, ononderbroke voortsetting van die Nederlands is wat hierheen gebring is en hier langs eie bane sy besondere wordingsproses deurmaak. Miskien kan ons die verhouding die beste uitdruk deur hierdie Hottentots-Afrikaans as 'n Nebensprache aan te dui, soos Jiddies dit van Duits is (vgl. K. Kloss: *Nebensprachen*, 1929) en dit nie as 'n dialek te bestempel nie, soos prof. J. J. le Roux met Slamaaier- en Griekwa-Afrikaans voorgestel het (*Praatjies oor ons taal*, 1949, bl. 45, 47).

Nou kan die twee, die hooftaal en die newetaal, mekaar nader, elkeen op sy wyse, d.w.s. die werkwoord byvoorbeeld kan „Afrikaans” word en formeel saamval met die werkwoord van Kreools-Afrikaans sonder dat dit onder inwerking van Kreools-Afrikaans hoef te geskied het: *langs twee aparte weë dus* kan dieselfde uiteindelijke toestand bereik word. Maar aan die ander kant kan en sal in meer as een opsig deur die simbiose van die twee vorme van dieselfde taal, die een geadopteer, die ander geadapteer, beïnvloeding voorkom, kan met ander woorde in Afrikaans Kreolismes hulle verskyning maak. Die taalkundige moet hier fyn onderskei.

Dit bring ons by die tweede punt. Die invloed van Hottentots as taal het ons voorlopig kon laat afsluit, omdat al die Hottentotte binne die grense van die Kolonie hulle eie taal prysgegee het en hulle Kreoolse vorm gaan praat het — dit op gesag van Lichtenstein. Maar die inwerking van hierdie Kreools begin nou eers aktief word en daarom kan sy invloed nie nou afgesluit word nie. Kreolismes sal waarskynlik nou eers begin posvat, en ons moet dit gevolglik eers dan behandel wanneer dit tot openbaring kom, dus wanneer dit uit dokumentasie bewys kan word.

(c). *Die Bantoe*. Die Bantoe het langs drie hoofweë na ondertoe afgesak: ooswaarts en weswaarts van die sentrale *hoëveldse* groepe het onderskeidelik die *kus-* en die *vlaktestamme* getrek. Terwyl 'n paar baanbrekende koloniste in die Noorde net begin het om so effentjies

met die voorste vlaktestamme (t.w. die Batlapin en Betsjoeana) in voeling te kom, was die verkeer met die voorpunt van die kusstamme in hierdie halfeeue reeds besonder druk. Beutler het in 1752 van Swellendam af al 'n oop pad na die Ooste heen gevind, 'n bewys van die baie jag- en veeruiltogte wat na die *Kaffers* en *Kafferland* onderneem was: name wat nou vereng word om nog net op die nuwe Bantobure en hulle land van toepassing te wees in teenstelling met Hottentot, Boesman, slaaf e.a.

Die veeboere en die kusstamme het na mekaar toe beweeg en voor 1775 reeds in die Suurveld- en die Bosberggebiede begin meng. In 1778 het goewerneur Van Plettenberg die Visrivier as die oosgrens bepaal.

Die verhouding was aanvanklik goed, en Swellengrebel vind die Xhosas in 1776 „vroolijk van humeur en vriendhoudend” (RZA IV 12). Gaandeweg speel die ou storie hom opnuut af: die naturelle wat wel 'n veel hoër beskawingsvorm as die Hottentotte het en ook fisies beter toegerus is, het nogtans ver by die blankes agter gestaan by wie hulle met vee, yster, krale en tabak vir gasie in diens getree het (F. von Wolzogen in RZA IV 98) en wie se prestasies hulle leer hoogskat het (ald. 95). Die vraag wie die weiregte in die Suurveld besit, het tot die eerste Kafferoorlog (1779-80) gelei, maar in die vrede tyd is die ou verhouding hervat, soos trouens telkens hierna sal gebeur, en teen 1785 was weer baie Kaffers by die veeboere as werkvolk in diens; aanduidings hiervan vind ons in 1788 by F. von Wolzogen (RZA IV 87, 97, 98), maar toe die spanning in 1789 weer hoog was, is die boere deur die veldwagmeesters gelas om hierdie naturelle uit hulle diens te ontslaan en te laat loop (*Trekboer* 298). Eers na die tweede Kafferoorlog (1789) het veediefstalle as 'n nuwe faktor van wrywing bygekom en die vreedsame verhoudings erg versteur (*Trekboer* 316), waaruit die derde oorlog in 1799 ontstaan het.

Waar die twee groepe mekaar se tale heel aan die begin nie kon verstaan nie, is in onderhandelinge van tolke gebruik gemaak. Hiervoor het veral oorlamse Hottentotte in aanmerking gekom (Beutler, Sparrman)

of Goenekwebes (Gonakwas, „Hottentot Bastaard Caffers,“ volgens Swellengrebel), 'n mengras van wie sommige Nederlands geken het (RZA IV 18-9, vir 1776); maar later het blankes self Xhosa kon praat, so kaptein Gordon (ald. 44, vir 1778). Ons verneem verder dikwels dat naturelle hulle in Nederlands kon uitdruk, en in 1789 ondervra die landdros van Graaff-Reinet 'n „Caffer Prins die enigzints verstaanbaar Neederduitsch sprak“ (*Trekboer* 302). Uit die beskikbare gegewens kan ek my egter nog geen heldere beeld van die toestande vorm nie.

Dit is ewenwel duidelik dat die omstandighede wedersydse beïnvloeding van taal begunstig het, en ons kan verwag dat die Xhosa meer ontvang as gegee het, omdat sy kultuurpeil soveel laer was. Name vir baie nuwe begrippe op die plaas en by die boer het hulle òf sel gemaak, soos *ibashi* vir perd, volgens F. v. W. in 1788 sê (RZA IV 74), òf weergegee met leenwoorde uit Nederlands, aangepas by hulle eie uitspraakgewoontes; maar hoewel die aantal van sulke leenwoorde uit hierdie periode aansienlik moes gewees het, ontbreek bewysplase, hoofsaaklik omdat die Bantoetale nog nie skryftale geword het nie. Later sal blyk dat die belangrikste terreine van ontlening die volgende was, ongetwyfeld reeds verteenwoordigend van hierdie tydvak: aanspreekvorms; klere-drag; huis- en kombuisgereedskap en meubelstukke; woningbou; plaasgereedskap; vervoerterme (ossewa, kar, perdry); dierename (wilde en mak diere en pluimvee); plantname; krygsterme; plek-, plaas-, persoons-, os- en volksname; muntstukke; tydsbegrippe; hoedanigheidswoorde e.a. (vgl. G. S. Nienaber: *Afrikaanse woorde in Xhosa*, Pietermaritzburg, 1948). Interessant dat Xhosa meer as eens 'n bewaarder van woorde is wat in Afrikaans verlore, minder gebruiklik of in onbruik geraak het, soos *baai* (vgl. *lempaaishomers*); *ibanti* (lyf-band); *ikomityi* (*kometjie*), *isikauti* (*skout*); *imaneli* (*meneer*, vir predikant). Opvallend verder dat party woorde in die verkleiningsvorm ontleen is, bv. *idobilityi* (*dubbeltjie*); *imbotyi* (*boontjie*); *i-ertyisi* (*ertjie*) e.a.; en eindelik is dit duidelik dat *g* en *k* gevolg deur 'n voorvokaal

gepalataliseer gehoor is (ald. 20-1), terwyl *ketting* reeds gevelariseer uitgespreek moes gewees het (21).

Geboekstaafde 18de eeuse ontlenings uit Bantoe is nog uifers skaars. Von Winckelmann noem na *Geschenke* die woord *paseeläs* tussen hakies (sodat dit seker nie uit Engels *present* kan kom nie, soos Von Wielligh in *Ons Geselstaal* 73 beweer; immers, Von Winckelmann se stuk dateer uit 1788-9, RZA IV 95). As ons Barrow in hierdie tydperk wil plaas, kan nog *massanie(bout)* genoem word (I 297). *Pasella* geld vandag nog as enigins plat, en indien dit destyds al werklik opgeneem was, sou dit seker ook so gewaardeer gewees het. Jacob van Reenen dui die vir hulle onbekende witkraanvoël aan met die Bantoenaam *Heemoe* (vir *u-nobemu*) (VRV VIII 151).

In hierdie tyd dring ook Bantoe name binne, veral vir riviere. Van Reenen noem en vertaal 'n paar in 1790, bv. „Caapna or fine meadows” 150; “Doe or Mud River” 155; “Dombie or Young Maiden River” 158; “Simwoewoe or Sea Cow River” 161, vandag Umzimvubu (*im Vubu*, seekoei, by Pettman 137).

Vir nadere aanduidinge het samestellinge met *kaffernou* opgekom. Toe Beutler in 1752 van die naturelle se „soort van coorn” vertel, het hy dit een keer omskryf („seer klijn van korl en roodagtig van couleur, is groeyende aan trossen gelijk de gierst in Europa” (RZA III 308) en een keer benoem as *Ternataansch koorn* (ald. 296), waarskynlik koring van *Terra do Natal*, vroeër ook op Oos-Kaapland van toepassing, en nie van *Ternate* nie, dus in aansluiting by *Ternataalsche boenders* (waaruit ons *tarentale*), waaroor hy ons 'n rukkie van tevore ingelig het (bl. 285). Toe Thunberg twintig jaar later kom, vind hy dat 'n paar Kapenaars dit as 'n seldsaamheid in hulle tuine kweek en *kafferkoring* noem (*caffre-corn* in die Engelse vertaling I 294), 'n naam wat van nou af gereeld gebruik word en reeds ingeburger moes gewees het. (P. de Marees het dit in die Goudkus ook leer ken, VLV V 40, sodat dit waarskynlik nie inheems is nie; Wikar vermeld dit ook onder die Blicquas, vgl. RZA II 80). Von Wolzogen noem nog *Kaffer Erbsen* (RZA

IV 73), en as ons lees dat die nuwe swart bure daarby hulle eie soort pampoene, kalbasse en waterlemoene het, dan lyk dit nie onwaarskynlik dat dit ook die onderskeidende prefiksering van *Kaffer-* ontvang het nie, net soos in die geval van hulle bier en brood. Die bier vind Beutler minder netjies „beeter voor varkens dan voor menschen” en die brood van kafferkoring gemaak „is swaar en onsmakelijk” (RZA III 308), vanwaar vermoedelik die naam *doodgooi*, wat nog in Xhosa bewaar is as *u-dodor'oyi*, volgens Kropf-Godfrey *A Kaffir-English Dictionary* (Lovedale, 1915). *Kafferboom* kom in 1790 by J. v. Reenen voor (VRV VIII 170). Die Xhosas se kerie as wapen verskil van die gewone kerie soos by die Hottentot en word onderskeidenderwyse *knopkerie* genoem, na Von Wolzogen ons meedeel (RZA IV 71-2). Op die wyse het aanraking met die Bantoe allerlei nuwe eise gestel.

Wat ongedokumenteerde beïnvloeding betref, sou (*ou*)*ta*, *donga*, *impi*, *indaba*, *indoena*, *lobola*, *tsajile* e.d. seker al 'n bekende klank gehad het.

§60. *Name aan plante.*

Na die beskouings tot sover oor die maatskaplike en vreemde faktore wat die taalgebruik van die koloniste kon beïnvloed het, wil ons nou meer op die taal self let. Waar nie regstreeks of onregstreeks geleen is nie, moes die sprekerkorps op ander maniere aan die talle nuwe vereistes voldoen, soos in die behoefte aan name vir die land se eie en nog ongenoemde plante en diere, dié afdeling waaroor ons afsonderlik die beste ingelig is, veral weens die belangstelling daarin van verskeie vooraanstaande natuurkundiges rondom 1775. Nederlandse name word nog oorgedra soos veral gedurende die eerste 50-60 jaar gebeur het (Scholtz *Naamgewing* 16), maar die meeste nuwe name is samestellings wat op eie vinding berus. Gedeeltelik is dit daaraan te wyte dat die eerste naamgewers die jagters en veeboere was wat met die dinge bekend geraak het toe hulle die land dieper ingetrek het, mense wat vir die grootste gedeelte hier

gebore is en geen regstreekse herinnering aan Nederlandse plante en diere meer bewaar het nie. Hulle sien die dinge gevolglik meer „met Afrikaanse oë” en by naamvinding geskied die benoeming dus volgens die vir hulle vernaamste assosiasies. Hiervan is daar ’n paar honderd nuwe oorspronklike Afrikaanse name opgeteken, volgens prof. J. du P. Scholtz, wie se studie ek hier weer gebruik.

Om hiervan ’n verteenwoordigende beeld te kry, word t.o.v. die plante ’n paar van die vernaamste groeperings genoem. Plante met eetbare dele is o.a. *anyswortel*, *broodboom*, *raapuintjie*; geneeskragtige is: *bitterwortel*, *brandblaar*, *sieketroos*; die bruikbaarheid vir ’n bepaalde doel word soms deur die naam aangedui: *besemriet*, *kokerboom*, *kraalbos*, *matjiesgoed*, *vlieëbos*, *wokwegif*; of nuttig vir die genoemde diere as kos: *bobbejaantjies*, *jakkalskos*, *kameeldoringboom*, *kraaibos*; woorde soos *bobbejaantou*, *olifantsgras*, *slanggras*, *voëlent* toon ’n gevoelde verband met sekere diere; na ’n opvallende eienskap heet: *jeukbol*, *niesbout*, *syblom*, *tjenkerientjee* (klankna-bootsend); die kleureienskap blyk uit: *rooipeer*, *swartbout*, *witgras*; ’n gelykenis, meestal maar oppervlakkig, gee aanleiding tot die voorvoeging van *wilde*: *wildeals*, *wildegars*, *wildekoffie*, *wilderog*; soms gebeur dit selfs by Kaapse plantname: *wildedagga*, *wildekopok*, *wildekeur*, na die plek waar hulle aangetref word: *Karoodoring*, *Kamdebostinkbout*, *Outenikwasgeelbout*. (Scholtz 64-75). ’n Enkele keer kry ons ’n mededeling wat ’n naam tot ’n persoon terugvoer, soos by Wikar n.a.v. *kameeldoringboom*: „Den Hottentot Claas Barend zeyd dat Jacobus Koetze met zijn eerste togt deezen boom alzo den naam gegeeven heeft, dewyle de kameelpeerde meestendeels in de toppe van deeze boomen vreeten.”

§61. *Name aan diere.*

Naas die name in hierdie tydvak opgeteken en wat vermoedelik nog uit Nederlands oorgeërf is en toe weens een of ander gelykenis op Kaapse diere toegepas is, soos *kuikendief*, *nagtegaal*, *steenvalk*, staan die groot aantal

name wat deur die koloniste aan diere van hierdie land gegee is, of spontaan, of as onaanwysbare leenvertalings uit Hottentots. Dit geld o.a. van die boksoorte van hierdie wêrelddeel wat „von jeher als das Vaterland des schönen Gazellen- oder Antelopen-Geschlechts angesehen“ is (Forster I 86).

Weer met prof. J. du P. Scholtz se verhandeling tot grondslag gee ek uit ons diere-wêreld die volgende eie benaminge wat in die laaste halfeeue voor 1800 opgeteken is, so gekies om in die klein 'n verteenwoordigende beeld te probeer maak. Antilooptsoorte is: *bosbok*, *springbok* (ook bekend as *pronk-* of *trekbok*) en *rietbok*; onder ander soorte is daar verder die *aardwolf* en *strandwolf*; die *bosvark*; die *berg-* of *springbaas*; die *blinde-*, *sand-* en *witmol*; onder die slange: *geel-*, *nag-* en *spuugslang*, *pof-* en *springadder*; insekte: *bosluis*, *bottentotsgot* en *treksprinkaan*; die *drilvis* en *mokkelkop*; danksy Le Vaillant se belangstelling is baie van ons voëlname nou geboekstaaf o.a. *aasvoël*, *bergbaan*, *bontkraai*, *muisvoël*, *nag-*, *rooi-* en *witvalk*, *namakwapatrys*, *smee*, *rooivlerkspreeu*.

'n Paar van die dryfvere by die naamgewing kan genoem word. By voëls word die roepgeluid soms nageboots: *bokmakierie* (vandag ook *kokkewiet*), *diederik*, *badida*, *janfrederik*, *piet-my-vrou*, vir almal vindplase uit hierdie tydperk voorhande. Ander motiewe is: na die plek waar die diere veral aangetref word (*namakwaduif*, *tarentaal*, vroeër in byvoeglike funksie), of na waar hulle graag hou (*bergspreeu*, *koringlandkraai*); na 'n verband met hulle voedselverskaffing (*beuningvoël* of *-wyser*, *kikvorsvanger*, vandag *paddavreter*, *olyfduif*), of na 'n verband met ander diere (*elandvoël*, *jakkalsvoël*, *muisvoël*, *skaapwagtertjie*). Die vernaamste motief bly die uiterlike beskrywing, bv. na kleur (*bloubok*, *grysbok*, *groenspreeu*, *rooivalk*) of 'n ander eienskap (*elsie*, na die lang, skerp snawel; *fiskaal*, na sy vervolgsugtige jag op ander diertjies; *glasogie*; *kanariebyter*; *langasemvoël*, *malbaartjie*, na sy swart koppie soos die van 'n slaaf van Malabar, *rinkalskraai* e.d.m.) By die naamgewing aan plante is die

motiewe ongeveer dieselfde asook die middele, t.w. die toepassing van 'n grondwoord of die ander taalaktiwiteit wat met samestellings werk, naamlik van die gewone oorgelewerde tipes soos s.nw. plus s.nw., b.nw. plus s.nw., ww. plus s.nw., ens., en die skaarse tipe *blaasop* en die unicum *voëlent* (vgl. Scholtz 101). Die ander middele soos klanknabootsing, volksetimologiese omvorming e.d. of soos ontlening en leenvertaling word minder frekwent gebruik.

Dit is te verwagte dat in hierdie tyd van naamvinding nog dikwels 'n toestand van onvastheid en vloeibaarheid in 'n klompie gevalle aangetref sal word. Party dier- en plantname van toentertyd het vandag verdwyn (*druïwreter*, *pronkbok*, *ystervarkwortel*); by sommige soorte was meer as een naam vir dieselfde saak in omloop (meestal dan twee, soos *loerie* en *groen-(overbergsche)-papegaaie*; *muishond* en *surikatjie*, ens., maar ook meer, bv. *bleekbok*, *bleeksteenbok*, *vaalreebok*, *vlaktebok*, *vlaktesteenbok*, almal vir dieselfde dier); of wat die lastigste was, dieselfde naam het meer as een toepassing kon hê (*afrikaner*, *kanarie*, *wag-'n-bietjie*). In byna al die gevalle van meernamigheid het daar geleidelik 'n vaster toepassing ontwikkel.

Hoe moet ons hierdie en dergelike aanwinste beoordeel om 'n goeie beeld van die ontwikkeling van ons taal te kry? Met uitsondering van ontlenings (en selfs hulle word soms genasionaliseer aangepas) word daar in die proses van naamvinding met die voorhande materiaal gewerk, d.w.s. behelp die spraakmakende gemeente aan die Kaap hom op 'n wyse wat ons miskien tradisioneel of spontaan mag noem, in ooreenstemming dus met die gesonde taalgees van Nederlands. Soos die begrip, is die samestelling as sodanig (om alleen oor die hoofmiddel te praat) nuut of Kaaps, maar nie die bestanddele en bindingswyse (tipe) van die samestelling nie. Dit bly nog suiwer Nederlands. Die woordeskat word gevolglik meer Kaaps getint, maar dit tas nog nie die Nederlandse karakter van die taal self aan nie, wat wil sê dat dit eerder 'n verryking op grond van, as 'n verandering van die Nederlandse taalgevoel is.

§62. *Ander terreine van die woordvoorraad.*

Die aanwinste op ander gebiede verskil nie wesentlik van die voorgaande nie. Begrippe soos die oor die topografie het teen dié tyd hulle vaste Kaapse betekenisveld gehad en skrywers wat hulle tot Europese lesers rig, het dit soms nodig gevind om hierop te wys. Soos bv. Thunberg aan die tweede deel van sy *Reise*, laat Mentzel aan die eerste deel van sy *Beschreibung* (1785) 'n kort glossarium voorafgaan om sekere woorde te omskryf, daaronder die Kaapse muntstelsel, waarvan die standaard die Kaapse *riksdaalder* was, gelyk aan 48 *stuiwers*, die *skelling* was ses stuiwers, die *dubbeltjie* twee stuiwers, en die stuiwer het naastenby die waarde van ons pennie gehad. Later (veral na 1826) is party van die terme op Engelse muntwaardes oorgedra. Cook spel *dubbeltjies* nog *double-keys* (Forster *Tagebuch einer Entdeckungsreise*, Berlyn, 1781, bl. 22). Verder beskryf Mentzel die gebruik van *kraal*. Die oorspronklike Portugese woord *curral* as 'n omheining vir vee (daaruit bv. *kraalbos*) het hier 'n uitbreiding gekry van „Hottentot huts formed in a circle” (en later, soos ons weet, van 'n „stat”.) Dié uitbreiding vind ons al by Ten Rhyne, Kolbe e.a. Mentzel noem verder die Hottentotse woord *karos*, die Maleise *tabeetjies*, 'n begroetingsformule, toegepas op geskenke van vee e.d. van Hottentotte. Hy verklaar verder terme soos *katel*, *mud*, *riet* e.d., 'n klompie amptenaarsterme, die besondere aanwending van woorde soos *baas* (aanspreekvorm van blankes deur slawe en inboorlinge) en *boer*, en plekaanduidende begrippe soos *baai*, *buytenpost*, *duynen* (onbegroeide sanderige stroke, veral langs die kus), *fontein*, *klip*, *kloof*, *plaas*, *rivier*, almal reeds in Van Riebeeck se tyd besig om 'n Kaapse toepassing te verwerf. „Men wete eens vooral, dat Africaansche rivieren Europese beekjes zijn” (LV XXXVI 162), of „. . . Groote Vischrivier, welke alleen in naam groot is . . .” (163), sê Janssens. Die Swartrivier noem hy 'n „kreek” (117). In *reëntyd* gebeur dit dat die rivier *afkom*. Wikar vertel dat die inboorlinge langs die Oranjerivier die jaar indeel in „droogen tijd, reegentijd en blomtijd” (VRV XV 140),

die eerste twee benaminge reeds by Kolbe (I 364). As Janssens praat van „een mooye ronde waterkom (hier te lande valley geheeten)” (ald. 132), dan blyk daaruit wel die uitbreiding van die betekenis maar nie van die bestaan van die doeblet nie. *Vallei* het in die huidige Afrikaans die algemene Nederlandse gebruik bewaar, maar in *vlei* kom die plaaslike aanwending uit van 'n moerassige, grasbegroeide laaggebied met staande water (kyk Scholtz TWK Nov. 1947 33-4, wat betekenis- en vormontwikkeling bespreek). Hierby sluit aan *fonteingrond* (Sparrman I 324), *deurslaggrond* (Wikar, ald. 94).

Sparrman vertel hoe daar gesoek is na 'n *kliphrans*, „so they generally call a rocky place, level and plain at top, and having a perpendicular precipice on one side of it” (II 48; vgl. Janssens, ald. 118). Sparrman deel mee dat 'n leeu soms in „coppice” hou, (wrsk. *koppies*, II 58); Swellengrebel se geselskap van 1776 is tussen twee steil „koppen” deur (LV XXXVI 27); die teenstelling tussen *kop* (oor die afwykende Kaapse gebruik vgl. WNT VII ii 5491) en *koppies* was blykbaar reeds vas, soos die tussen *bos* en *bossie* („Caro, slegts met bosjes begroeyt,” LV ald. 42). As Van Riebeeck in *Dagverbaal* II 52 rapporteer: „19 dito werden partije taruw na 't ronde bossien gesonden,” vandag Rondebosch, dan het *bossie* nog eerder sy Nederlandse betekenis van struikgewas, heester, as sy Afrikaanse gebruik, hoewel dit die eie toepassing vroeg moes gekry het — vergelyk die opmerking by *bosjesman*.

Veld in die betekenis van onbeboude land buitekant die omtrek van *opstal* en *werf* en *landerye* en veral geskik vir weiland, het 'n produktiewe lid geword in samestellings met 'n eie toepassing. Volgens Sparrman onderskei die koloniste in die binneland tussen *Karooveld* — „the ground (in summer) is as dry and bare of grass as a high road,” is uitstekend vir skape en bokke, I 246-9—; *Suurveld*, taamlik ryk aan harderige gras wat geneig is om surigheid in die maag van beeste te veroorsaak, I 249; en *Soetveld*, laerliggend, na aan die kus en met sanderige grond, (I 250). Hulle is soos *Nieuwveld* uit die periode (bf. 134),

uitbreidings op name wat voor 1750 reeds opgeteken is, daaronder *Achternveld*, *Bokkeveld* (na die baie wildsbokke wat vroeër daar gehou het), *Koudeveld* (vgl. Thunberg I 259, II 22; die veldgewasse is hier soms twee maande agter by dié van die Skiereiland), *Roggeveld* (Thunberg II 168: „so named from a kind of rye which grows wild here in abundance near the bushes”), *Sandveld* e.d.m. Op hierdie patroon sal later nog nuwes gevorm word, so by D. G. van Reenen (1803): *duinveld* en *opslagveld* (VRV XVIII 266 en 230). Ander samestellings van nie-topografiese aard word ook veel gevorm met *veld* as lid, bv. *veldkost* by Wikar (96), *legveld*, *trekveld*, *weiveld* e.d.

Plaas (*plaats*) het teen 1800 die betekenis van „farm” vas aangeneem (vgl. *Trekboer* 94), en dit is interessant om te sien hoe in offisiële beskeide van die eerste Britse Bewind *places*, *loanplaces* e.a. (*Trekboer* 101) as onbeskaamde vertalings opduik. Met die spesialisasie van *plaas* het *plek* eweneens as die nou algemener woord funksies oorgeneem wat in Nederlands deur *plaats* vervul is (vgl. Scholtz TWK Nov. 1947 20). Daar wag op iemand ’n dankbare studie oor ons sinonimiek, doeblette en distansering in die algemeen.

Die bedoeling met hierdie paragraaf is om aan te dui hoe Nederlandse woorde in die Kaapse samelewing die proses deurmaak om ’n eie betekenisfeer te verkry. Die voorbeelde kan na verkiesing aangevul word, bv. oor die bodemgesteldheid en wat daarmee saamhang (soos by *afdragend* en *opdragend*, *brakwater*, *drift*, *boek*, *boogtens* en *laagtens*, *klipbank*, *klipgrond*, *klipheuwels*, *oog* (van ’n fontein), *plankklip*, *ruggens*, *vlakstens*, *ysterklip* e.d.m., die meeste hiervan, soos van die volgendes, is bespreek deur prof. Scholtz in TWK 1947); oor die veeboerdery (soos *aanteelvee*, *skape afslag*, *brandsiekte* of *luysensiekte*, *skape keer*, *lamsiekte*, *oobok*, *ou-ooi*, *sponssiekte*, *tongsiekte*, *veeplaas*); oor die ossewa en vervoer (soos *agteros* en *vooros*, *agter-* en *voorslag*, *bo-ba!* *jukskei*, *togganger*, *trektou*, *uitspanplek*, *voorspan*, *wakis*); oor die jagbedryf (soos: die woord *jag* as werkwoord, *biltong*, *spoorsny*

(steen)bokbael, vanggat), oor die leefwyse (kluitjies, 'n soort kos, suikerbier, 'n soort drank, perde kniebalter, velbroek, veldskoene, voor kommissaris gaan), oor volksgroepe (soos baster, Christenmense, heidene, meid, Sneese Hottentotte — omdat hulle geel huidkleur aan Sinese laat dink het; vgl. Sparrman I 227; maar ook Barrow I 278), ens. Byna elkeen van die terme verteenwoordig 'n stuk eie kultuurgeskiedenis, en wel reeds van voor 1800.

'n Opmerkinkie nog oor *Boer*, omdat iemand met die gesag van prof. M. C. Botha in *Die Ruiter* van 17 Okt. 1947 o.m. beweer het: „Waarheid is egter dat die benaming Boere, wat 'n vertaling is van die Engels *Boers* . . .” of: „(ons) sal vind dat die woord Boere met 'n hoofletter eers in die neëntiende eeu deur die Engelse in gebruik gekom het . . .” Vgl. ook WNT III i 158 onder, waar 'n soortgelyke opvatting te lees is. Soos vroeër geblyk het, was *Boer* teen 1700 al meer as 'n blote beroepsnaam aan die Kaap, en gedurende die agtiende eeu het die betekenisverwyding vas geword om die landman of binnelander van blanke afkoms, die kolonis, aan te dui, ongeag sy besondere beroep. Val die nadruk wel op die beroep as boer, dan word nader onderskei tussen vee-, koring- en wynboere (vgl. Sparrman II 327 en elders). Hierby 'n paar uitsprake. Wallenberg sê in 1770: „Those who live in the country content themselves with the honourable name of Peasants, though they dress like Burgesses, and live like Noblemen” (*Kwartaalblad van die S.A. Biblioteek* II 70). Sparrman praat van „African boors . . . so they here call a set of hearty, honest fellows” (I 50), of „This very godly boor was born at Berlin . . .” (I 58). Dieselfde gebruik kry ons bv. by Thunberg, in die oorspronklike Sweeds *Landtmann en Bonde* (I 144), by die Duitser F. von Wolzogen, bv. „. . . von Bauren und Hottentotten Spekbusch genannt” (LV XXXVI 63 vv.). In 'n Memorandum aan Janssens lees ons o.a. „Het disput is hier onder drie Natien — De *Boer*, — de *Hottentot* en *Kaffer*” (LV XXVI 212). Selfs die Engelsman Barrow praat van: „. . . a true Dutch peasant, or boor, as he

styles himself" I 76; Anne Barnard spel dit *Boers*. Dit is m.i. duidelik dat Barrow c.s. hulle aangesluit het by 'n algemene gebruik en dat *Boer* (*Boor*) oorgeneem is deur die Engelse en nie van die Engelse nie, dat dit m.a.w. 'n Afrikaansisme is.

Oor die selfskeppende aktiwiteit hoof ons, na die paragrawe oor die plant- en diername, seker nie meer veel te sê nie. 'n Keer of wat hoor ons iets naders oor die ontstaan van 'n naam (*Kameeldoringboom*); ander kere lyk dit of ons die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n woord meemaak. Van vroeg af verneem ons herhaaldelik aangaande die Hottentotte waarmee hulle hulle voed, o.a. met insekte soos miere, en by Masson wat tussen 1772-4 aan die Kaap vertoef het, lees ons hoe die toeberede eiers van 'n groot miersoort „commonly (was) called Hottentot's rice" (314). Wikar vermeld *Hotts rijst* (ald. 54) as 'n naam wat so gewoon is dat dit geen nadere verduideliking nodig het nie. Later verskyn hiernaas nog *Boesmansrijst*. Ter aanduiding van die diertjie wat vir dié rys verantwoordelik is, ontwikkel hieruit in die 19de eeu (volgens datum van vindplase) 'n tipiese en eie Afrikaanse naam, nl. die appositionele samestelling *rysmier* (vgl. Ndl. *witte mieren*, Eng. *white ants*, Duits *weisse Ameisen*). Dit het dus niks te doen met *rijst*, 'n takkie, soos soms beweer word nie.

Blykbaar het geestige invalle ook tot selfskepping aanleiding gegee. *Wag-'n-bietjie*, by Wikar (91) op 'n ander plantsoort toegepas as o.a. by Thunberg I 244 (Scholtz, *Naamgewing* 70), getuig hiervan; die voëlnaam *fiskaal* wat die publieke onwil t.o.v. dié ampsdraer te kenne gee, is 'n geestige oordrag op die klein rowertjie, en iets van die openbare kritiek skyn in die naam *Zieketroost* te skuil, volksnaam vir *Arctopus echinatus*, 'n kruiplant deur Thunberg I 234 beskryf. „On account of the hard prickles it bore, as well on its leaves as on its ripe seeds, it was a terrible plague, especially to the slaves, who go bare-foot, and are frequently wounded by it."

§63. *Klanke.*

As Paterson (ald. 6) skryf *Stillen Bosch* vir Stellenbosch, dan gee hy daarmee nie net 'n eie, s.i. verbeterde etimologie weer nie, maar meer nog bring hy daarmee onbedoeld tot openbaring hoe dikwels die *e* en *ə* in die spreektaal verwisselbaar gelyk het om daardie afleiding te suggereer. In die *Taalargief* is 'n goeie aantal voorbeelde te vind, soos die vermoedelik gemeensame of platter *bring* 21 (die syfers verwys na die briefnommer aldaar), *in vir en, mit* 56, *omtrint* 30, terwyl die volgende waarskynlik hiperkorrek is: *aprel* 23, *beregt* 23, *derk* 23. Maar andersyds met die „gewone” *drinken, ik, liggen* (*liggen* en *leggen* het al by Van Riebeeck in *leggen* saamgeval), *vinden* e.d. in gedagte, het die teenstelling van die twee soorte uitsprake onseker geword, sodat die gevolge daarvan by die skrywers se strewe na verheuenheid vermoedelik op te merke val in *sint* (zenden) 46, *vilt* (veld) 41 e.d., en in die treffende *ek* 161 as pendant. Dit openbaar weer die spanning tussen die meegebragte, dialektiese spreektaalvorme en die vorme wat in die leestaal gegeld het. Dit het deur die hele klankestelsel gegaan en moet as algemene reël waarskynlik verklaar word soos deur prof. J. du P. Scholtz aan die hand gedoen is (vgl. §20).

Dit merk ons o.a. by *ken* 17 (naas *kan*); *bertelyke* 112, *mert* 32, *pert* 12; *geerne* 133a, *sweert* 134 naas die *a(a)*-vorme; *waarschouwen* 97b; by *vrind* 14; *deur* (voors.) 115; *koegel* 93; *tykenen* 23; *yder* 46 (vgl. Changuion, bl. 16-17); *nuxwe* 18; by ontrondings soos *janiarie* 14, *stier* 97b; en rondings soos *Speulman* 97c, *veul* 147; by *belefte* 32, *landeros* 24; by die gedrag van die intervokaliëse *d* (*ouwe* 23, *baster* 156, ens., vgl. die gevolgtrekkings van prof. Scholtz in TWK Okt. 1950, bl. 222 e.v.), by die dubbelhede i.g.v. die intervokaliëse *g* (*eijen* 15, *oost* (oes) 86); by die assimilasië van die *t*, bv. voor *s* (*plaas* 5 en *plase* 37, *koors* 100, *savons* 21b) of daarna (*Badenbors* 96, *bees* 97b, *diens* 78, *gars* 121, *landdros* 1) of in ander omgewing (*derek* 135, *beef* 111,

sleg 83, *wag* 80); by *v* en *w* (*halwe* 29, *liewer* 147), of in gevalle soos *jakkals* 110b, *makaar* 136, *niks* 119, *sukke* 46, *verbleij* 56 e.d.m. Die *ij* in *Junij* en *Julij* is aan die Kaap as *i* uitgespreek (vgl. Changuion, bl. 17). Daar is na 150 jaar ook hier nog lank nie die eenheid soos die wat blykbaar 'n kenmerk van die gevalle is waarop prof. S. A. Louw in sy proefskrif gewys het nie. Die inwerking van die ABN is in mindere of meerdere mate aktief en bring in die doeblette van fonetiese aard 'n spanning wat in vele gevalle nog 'n eeu of langer gaan voortduur.

Hierdie voorbeelde kan uit allerlei ander bronne aangevul word. Daar is bv. nog die taal van Wikar. Wikar se klankweergawe moet ons soms omsigtig beoordeel. Hy is op 17 Febr. 1754 in Göteborg gebore en het in 1773 as 19-jarige in Kaapstad aangekom, waar hy twee jaar lank teen nege gulde per maand as houtskrywer in diens van die N.O.I.K. was. Weens dubbelskuld het hy in 1775 gedros en hom vir ongeveer vier en 'n half jaar in die binneland skuil gehou, vermoedelik onder Hottentotte, die laaste ruk langs die benedeloop van die Oranjerivier. Hoe hy met daardie Hottentotte gesels het, weet ons nie presies nie. Hy het hom by kaptein Claas Barend se groepie van 15 aangesluit, van wie daar vier was, die kaptein inbegrepe, wat Hollands verstaan het. Dat Wikar Hottentots kon praat, is onwaarskynlik, want hy moes hom van 'n tolk bedien (vgl. VRV XV 156), maar hy het tog heelwat los Hottentotwoorde opgetel. Hy noem 'n paar so terloops, bv. *kaysi of wildgaate* 48, *weerbaakdoorns of noey* 48, *witgras of gaa* 58; *koraale die zy op Hotts koeno noemen* 76, ens., en van 'n paar gee hy die letterlike vertaling, bv. *melkdrinker* uit *teyaap* 40, *Koeninganib of Olivenboek* 130.

Die taal van Wikar se *Berigt* is nie suiwer Nederlands nie, al is dit redelik goed. Dit besit kenmerke wat taamlik seker met die Nederlandse Nebensprache van die Hottentotte meer as oppervlakkige raakpunte vertoon (vgl. die genetieskonstruksie, ald. 245 in Franken se artikel; die prefiks *ge-* in sekere gevalle 246; die

besondere gebruik van *agteruit*, in die teks op bl. 90, 102, 198; die pluralisasie deur middel van *-goed* as kollektief-suffiks; letterlike vertalings soos *swart* en *rooi koper* 76; en prof. Engelbrecht sê by *andersmaak*: „Perhaps terms like *opligt*, *handslagt*, etc., were also inspired by native idiom whose influence is seen in Wikar's use of the expression *groen tabak* for tobacco” (ald. 233).

Maar dié taal dra ook die tekens dat die 25-jarige Wikar se moedertaal hom in 1779 (die jaar van sy *Berigt*) nog maklik op die tong gelê het. Dit blyk uit sy gebruik van „vreemde” woorde soos *bartsbrik* 100 (*hjärteskrämman*, in SAOB s.v. is die oudste vindplaas 1625); *beslijk* 134 (opgeteken in 1541, veel voorkomend in verskeie spelvariante en beteken: „förhatlig, avskyvärd, gruvlig, vidrig, stäck,” SAOB H 2150); *met samt* 132, opgeteken sedert 1644, ald. i.v., nog ongepub.). Dit verklaar ook sy keuse van die eweneens Sweedse vorm soos *distans* 72, 118, *definition* 62, *resolution* 20, van ww. vorme soos *beprateden* 144 (pratade); *schijnde* (dialekties *skinde*, *skinte*), *slagteden* 32 (*slaktade*), *vangde* 106 (*fångade*); van *inboezeme* 162 en *aanbood* 38 as onskeidbare ww.; van die woordorde in sinne soos die met *zowel* 128 *omtrent* 172 e.a. So word *slem* (*slim*) nog vandag in Sweeds soos by Wikar gespel, en hierby sluit aan o.a. *aprikooze* (Sw. *aprikos*); *babiane* (Sw. *babian*), *blom* (*blomma*), *camraad* (*kamrat*), *captyn* (*kapten*), *boning* (*bonung*, *boning*; die meeste wisselvorme eindig op *ng*, SAOB H 1137, ook in Wikar se tyd), *koegel* (*kula*), *oliven* (*oliv*), *steert* (*stärt*), *tobak* (*tobak*), *vrange* en *vrijft*, die *v* waarskynlik te lees as *w*, soos in Sweeds; so verskyn sy eie van dikwels as *Vikar* en Thunberg spel *De Wet* as *De Vett* (I 176 in die Sweedse uitgawe). Tog bly daar genoeg oor wat die Afrikaanse keuse uit die meegebragte uitspraakwyses verteenwoordig, soos *aassem*, *besonders* (en *eenders* en *zelfs*), *deur* (voors.), *oegst*, *pampoen*, *saft*, *sop* (sap) e.a.; *biezem* vir *besem* berus taamlik seker op die Hottentotse uitspraak (vgl. §59 b).

Die manier waarop reisbeskrywers soms die vanne van koloniste spel, laat sien dat dit op die gehoor af geskied het en dit gee gevolglik 'n mooi aanduiding van die volksuitspraak. In Thunberg se oorspronklike Sweeds vind ons o.a. *de Toi* II 35, *de Ploi* II 35, *Gaus* II 19 en *Lagrans* I 195, *Droski* I 189, *Groenewal* II 115, *Owerbolser* II 138, *Van Stade* II 54, *Frere* (Ferreira) I 224, *Van Heere* II 28 en *Funere* II 30 (vir Van Heerden), *Rasmus* II 28, *Losper* II 12, *Van der Merwell* II 27. Die eie rekonstruksie is soms grappig, bv. Philip *Plaisir* II 35 35 vir Du Plessis. Die spelling van vanne was blykbaar by baie heel onvas; in die *Taalargief* kry ons bv. by die adresnaam *Van der Merwe* naas die nou gebruiklike spelling (briewe 19, 26, 37 e.v.) ook *Van der Merwell* (19, 38, 91, 97b e.v.), *Van der Merwen* (35) en *Van der Merwee* (73), die laaste die naaste in klemtoon en vorm aan die bron, die riviernaam *Van der Merwede*. Ook die spelwyses van plekname kan leersaam wees vir die uitspraak, nie net om die variante nie (bv. *Duivenboksrivier* kan afwissel met *Duivenboeksrivier*, waaroor Mentzel hom druk maak), maar om die ander motiewe, soos die volksetimologiserende neigings, bv. by Thunberg „Canna land, by some Canaan's land" II 53, of soos die vaswording van doeblette, bv. *Laaken Valeij* in brief 33 van *Taalargief*, maar daarteenoor *matties vlei* 21b, *perdegrasvlij* 21b, *riet fley* 31; *kliprug* 29 maar *klippedrift* 11, *Klyne rievier* 43, maar *Crom revier* 62.

§64. Die werkwoord.

Die veranderinge in die woordvoorraad het in twee rigtings verloop: (i) verlies van baie woorde, ditsy deurdad hulle nie saamgebring is nie, ditsy dat hulle in die gedrang gekom het deur faktore soos nuwe lewensvereistes en nuwe lewenswyses, en (ii) aanwins van nuwe woorde, soos reeds aangestip. Dit het egter nie *as sodanig* die gedrag van die Nederlandse taal alhier, sy primêre karakter, aangetas nie, net so min as nuwe woorde bv. in 'n Britse dominium die Engelse taal aldaar tot iets anders as essensieel Engels gemaak het, hoewel

dit daaraan 'n plaaslike kleur verleen het en daardeur 'n onderskeidende teenstelling met die moedertaal kan vorm. So skryf E. E. Morris: „It is probably not too much to say that here never was an instance in history when so many new words were needed, and that there never will be again, for never did settlers come, nor can they ever come again, upon Flora and Fauna so completely different from anything seen by them before . . .” (*Austral English: a dictionary of Australian words, phrases and usages*, Londen, 1898, p. xii). Al oordryf Morris, dan bly Australiese Engels ondanks die nuwe woorde nog essensieel Engels, omdat dit hom in sy werking en struktuur nagenoeg suiwer gehandhaaf het.

Eweso was daar op die gebied van die uitspraak duidelik nog nie sulke diepgrypende veranderinge dat dit ons reeds die reg gee om die koloniste se taal as iets anders as Nederlands te bestempel nie. Dit is alles natuurlik 'n saak van graad.

Dat die koloniste se taal nogtans sodanig afwyk dat ons gedwing word om minstens van 'n Kaaps-Hollandse variant van Nederlands in die binneland te moet praat, is toe te skryf aan die *strukturele* veranderinge wat aan die gang was. Die duidelikste blyk dit by die werkwoord, waarby ons eers wil stilstaan. Maar om die stadium wat die proses teen 1800 bereik het, beter te kan beoordeel, is dit by hierdie ingewikkelde verskynsel wel nodig om te probeer om die geheelbeeld in 'n paar van sy vernaamste omtrekke te teken, en daarom gaan ek eers van die huidige toestand uit, om dan terug te werk.

A. So gestel, is die verdwyning van die imperfektum ons eerste probleem, en daarmee raak ons die groot kernvraagstuk aan in die ontwikkeling van 17de eeuse Nederlands tot Afrikaans.

Vandag is daar in ons lewende taalgebruik nie meer veel van die ou imperfektum oor nie. *Werd* wat prof. D. F. Malherbe afgekeur het maar darem as 'n „handige woordjie” in sy *Afrikaanse Taalboek* (§ 55, opm. 1) beskryf het, kom selfs nie meer as 'n boekwoord voor nie, en *bad* en *wis* is heeltal verouderd. *Dog* en *dag* leef

in heel beperkte gebruik en dan word dit nie altyd as „verlede tyd” aangevoel nie; as verlede tyd van *dink* is hulle druk besig om dit af te lê teen *bet gedink*. *Was* het egter ’n verskanste posisie, asook ’n paar van die ou praeterito-praesentia, waarvoor Jespersen die benaming perfecto-praesentia verkies, omdat hulle histories teruggevoer moet word op die ou perfektum-vorm wat later met die praeteritum saamgeval het. Maar afgesien hiervan is dit ’n vraag of *kon*, *moes*, *mog*, *sou* en *wou* alleen as imperfecta beskou moet word, d.w.s. of hulle funksie t.o.v. modaliteit nie belangriker is as t.o.v. tempus nie. Die primêre vorms is in elk geval feitliker, beslister, en die sekondêres is eerder die uitdrukking van ’n modale as ’n temporale nuanse, wat so sterk oorheers dat dit alle vorme kan laat konkordeer, bv. in: *as sy swaer bom net wou toegelaat bet*, *sou by bom graag wou gebelp bet*, in ander Germaanse tale ’n onmoontlikheid wat die *wou* na *sou* in die hoofsin betref. *Dolwe* en *verloor*, imperfektum-vorme met praesensgebruik, pas natuurlik nie hier in nie.

In die sinkronistiese taalstudie is daar ook by die werkwoord ’n teenstelling wat morfonologies genoem word. By die Nederlandse werkwoord word daar morfonologies ’n tweedeling opgemerk tussen ’n primêre groep: infinitief en praesens, en ’n sekondêre groep: praeteritum en partisipium-perfektum. Pas ons dit ’n oomblikkie toe, dan merk ons nog spore van die ou tweede deelwoord in Afrikaans op, bv. in geykte uitdrukings soos *die lug is betrokke*, *die vent is geslepe*, *hy is ingenome met*, *die stryd is verbete*, *die kalf is verdronke*, *die kans is verkeke*; of in adjektiewiese funksie: *’n gebroke bart*, *’n geslote boek*, e.d.m. In die nominale groep merk ons eweneens sulke versterkinge op, maar ons kan tog sê dat in die gewone volkstaal die sekondêre teenstelling hier bedoel, nie meer vaardig is nie, of duideliker, dat die imperfektum prakties totaal verdwyn het.

Daarmee word een van die allerbelangrikste verskille tussen Algemeen-Beskaafde Afrikaans (ABA) en Algemeen-Beskaafde Nederlands (ABN) genoem. So sien prof. D. B. Bosman dit as hy heel tereg sê: „Die verlies

van die sogenaamde *sterk* vorme van die werkwoord (Engels *sang, sung*, Nederlands *zong, gezongen*, Duits *sang, gesungen*) is miskien die radikaalste wysiging wat Nederlands in Suid-Afrika ondergaan het" (*Kultuur-gekieiedenis* II 21).

(a). *Spanning tussen swak en sterk imperfecta*. Die imperfektum word in Nederlands gevorm (om slegs die twee hoofmaniere te noem) deur die ablaut (*bad, bleek, bood, bond, droeg, nam, sliep, ving, werd*) en deur suffigering (*deugde, maakte*). In moderne Nederlands is ongeveer 150 werkwoorde onder die eerste groep te vind (De Vooy: *Nedl. Spraakkunst*, p. 106); laasgenoemde groep maak begryplicherwyse dan die oorweldigende meerderheid uit. Dit is om dié rede dat C. B. van Haeringen die sgn. „swak” werkwoorde beskou as die gewone werkwoorde, en gelet op die feit dat die stamklinker ongewysig bly, noem hy hierdie baie groot stamvaste klas die „reëlmatige” werkwoorde. Die sgn. „sterk” werkwoorde noem hy „onregelmatig” of „stamwisselend” (vgl. *De Nieuwe Taalgids* dl. 34, bl. 242 vv.; G. Royen ib. 35, 208 vv. en 36, 68 vv.).

Van Haeringen se bedoelde artikel heet *De taaie levenskracht van het sterke werkwoord* en is later oorgedruk in sy bundel taalkundige opstelle *Neerlandica* (1949), waaruit ek 'n paar sinne wil siteer. Hy wys daarop hoe swak werkwoorde 'n „uitermate praktiese, eenvoudige en evenmatige morfologiese figuur” (225) vertoon en alle kans gehad het om die ablautklasse met hulle grillige en lastige bontheid te absorbeer, veral sedert die swak werkwoorde die oorweldigende meerderheid uitgemaak het. Hy sê: „Wie dit verloop aanzag bv. in de vijftiende eeuw, en de algemene richting in de ontwikkeling der germaanse talen kende, zou de voorspelling hebben durven wagen, dat omstreeks het jaar 2,000 de doelloze en lastige verscheidenheid in de verbale flexie zou ongedaan gemaakt zijn door een algehele overwinning van het eenvoudige en regelmatige type” (225).

In Afrikaans het die oorwinning inderdaad gekom, maar in Nederlands het dit anders verloop, net soos in

ander Germaanse tale ook. Soms het 'n sterk werkwoord oorgeloop na die reëlmatige klas, maar die ablautreeke het hulle tog kon handhaaf, ondanks die feit dat hulle 'n betreklike klein groepie uitmaak en daarby onderling nog op „grillige” wyse verdeel is. Van Haeringen som sy bevindinge soos volg op: „Enigszins generaliserend mag men zeggen: hoe radicaler een westgermaanse taal het algemene proces van vereenvoudiging en systematisering heeft doorgemaakt, hoe vaster de onregelmatige stamwisselende flexie is komen te staan” (236).

Die stamwisselende imperfektum is in Nederlands net so verskans as die steeds uitbreidende stamvaste soort.

(b). *Die spanning imperfektum-perfektum.* In die Ougermaanse tale sien ons al die eerste aanloop van hierdie differensiëring. Die imperfektum val na sy vorm saam met die praeteritum en berus op 'n verandering wat aan die woord self geskied, bv. deur klinkerwisseling, terwyl die perfektum wat nou opkom, gevorm word op 'n meer analitiese manier deur middel van die tweede deelwoord en 'n hulpwerkwoord. Om die verskil in gebruik aan te gee wat deur die behoefte aan 'n bepaalde onderskeiding veroorsaak is, kan ons sê dat die imperfektum gewoonlik 'n gegewe uitdruk wat in die verlede lê en *los van die moment staan* waarop die spreker hom stel; die perfektum daarenteen deel die gegewe mee wat wel ook in die verlede lê maar dan *met die moment in tyd verbonde is* waarop die spreker hom stel. Die perfektum is gevolglik terugskouend, die imperfektum net terugverplasing.

(i) *Die teenstelling in Nederlands.*

In die verskillende Germaanse tale is die teenstelling op verskillende wyses opgelos; in Afrikaans is dit opgelos vir sover as wat dit formeel in die werkwoord tot uiting kom, in Nederlands is dit, deur die behoud van die imperfektum, natuurlik anders. Naas die perfektum is die imperfektum daar springlewendig en onontbeerlik. Nederlands is sonder sy imperfektum nie denkbaar nie.

En tog is daar in die Nederlandse volkstaal gebiede

waar dit skyn of die toestand anders lê. Prof. J. van Ginneken is iemand wat baie ondervinding opgedoen het in verband met die optekening en in-kaart-brenging van dialekverskynsels. Op bl. 98 van sy boekie *De studie der Nederlandsche streektalen* (Amsterdam, 1943) gee hy die volgende interessante aanduiding: „Ten slotte schijnt in bijna alle streektalen de voltooid verleden tijd, die met het hulpwerkwoord gevormd wordt, het langzaam maar zeker van den onvoltooid verleden tijd te gaan winnen. Men merkt dat het duidelijkst, wanneer men van de verschillende sterke werkwoordsklassen alle dialectvormen wil opnemen. Dan stuit men telkens op het antwoord der proefpersonen in den voltooid verleden tijd; terwijl zij hardnekkig weigeren de onvoltooid verleden tijdsvormen te gebruiken; en als men ze hun ten slotte voorzegt, verklaren, dat dit oude vormen zijn, die thans alleen in het een of ander vaak gebruikte werkwoord nog voorkomen.”

Of prof. Van Ginneken hier nie 'n bietjie oordryf nie, weet ek nie, maar blykbaar is dit nou die goeie tyd om in die Nederlandse volkstaal hierdie spanning wetenskaplik te ondersoek. Die *Nederlandsche Dialectatlassen* onder leiding van prof. E. Blancquaert dek, jammer genoeg (en dan nie net vir ons nie), tot dusver slegs die volgende streke: 1. Westvlaamsch en Fransch-Vlaanderen, 2. Noord-Oost-Vlaamsch en Zeeuwsch-Vlaanderen, 3. Zeeuwsche Eilanden, 4. Zuid-Oost-Vlaanderen, en 5. Vlaamsch-Brabant.

Ek het 'n paar van die sinne daarin nagegaan om te sien of dit ons oor hierdie bewuste spanning iets kan vertel. Sin 63 het die vrugbaarste resultate gelewer; dit lui: „ge zaagt me wel, maar ge spraakt niet tegen mij.” Uit 'n totaal van 724 plekke waar opnames van gemaak is, het die streektale van 158 plekke 'n perifrastiese perfektum gebruik, d.w.s. 22%; of, om dit noukeuriger uit te druk, in 60 is albei verba (*zaagt* en *spraak*) geperfektiveer, in 84 die eerste alleen, en in 14 slegs die tweede. Onderaan staan die Seeuse eilande (4 uit 53 plekke), bo-aan Frans-Vlaandere en Wesvlaams, sodat

hier allig met Franse voorbeelde rekening gehou moet word. Nou moet by dit alles nog in gedagte gehou word dat die proefpersone die genoemde sin hoor of sien soos dit daar staan, d.w.s. met sy twee werkwoorde *in die imperfektumvorm*, en dat hulle deur daaglikse aanraking met die ABN in woord en geskrif met die imperfektumvorm vertrou is. Desondanks, teen die gebruike en die remmende invloede in, besig hulle in hierdie weliswaar lastige sin in die plek van die imperfektum soms die omskrewe perfektum. Dit toon, meen ek, dat die spanning aktief is en dat die perfektum met sy analitiese middele die aanvallende element is. In kort sinnetjies in die aantoonende wys word egter die onvoltooide tydsvorm haas deurgaans gebruik, ook in Frans-Vlaandere.

Prof. W. Pée, die bewerker van die *Dialect-Atlas van West-Vlaanderen en Fransch-Vlaanderen*, wy in sy inleiding 'n paragrafie aan die saak en sê: „De werkwoordparadigmen . . . schijnen mij het zwakke punt der vragenlijst; . . . ik heb mij nooit van den indruk kunnen ontdoen, dat zij in vele gevallen niet den werkelijken toestand weergeven. Ik meen den gebruiker van dezen atlas te moeten waarschuwen . . ., dat waar het imperfectum is opgegeven, dit in de meeste gevallen geenszins beteekent, dat het in dezelfde mate wordt gebezigd als de andere tijden . . .” (bl. xxv).

Wat die joernalistieke en literêre gebruik betref, het G. S. Overdiep in *De Nieuwe Taalgids* XVII (1923) 26 vlg. aangetoon dat die perfektum dikwels voorkom waar 'n mens die praeteritum sou verwag het.

Steunende op die uitspraak van Van Ginneken en op gewens ontleen aan die *Dialect-Atlas* lyk dit gewettig om te konkludeer dat die stryd tussen die twee genoemde tydsvorme in die Nederlandse taalgebied miskien nog nie finaal gereël is nie.

(ii) *Die teenstelling in Engels.*

Daar is in hierdie verband een interessante ontwikkeling. Soos bekend, is die gewone gebruik in Engels om die hulpwerkwoord plus deelwoord (dit kan die teen-

woordige of verlede deelwoord wees) as 'n soort van geslotenheid, van twee-eenheid te behandel, 'n latere ontwikkeling. *I have written a letter* kom uit *I have a letter written*, en G. O. Curme (*A Grammar of the English Language*, Boston, 1935) voeg hieraan toe: „The original form and meaning, however, did not disappear, for we still often use the words with the full force of the present tense: I have all my letters written; I have my garden spaded and ready for planting; our team has all the other teams beaten to a frazzle” (II 320-1).

Vandag word die perfektum so aangewend dat die twee dele selde nog geskei word. Dit kan bv. geskei word as die adverbiale bepaling of die partikel heel kort is, soos in: *I have not yet written; I have always said*; maar word dit meer as twee woorde, dan laat die kohesie van die twee-eenheid dit nie meer maklik toe nie en volg meestal 'n omskrywing.

Let ons op die plek van die werkwoorde in die twee sinne: *He talked the whole time he stood there waiting for her* en *He had talked the whole time he was standing there waiting for her*, dan merk ons dat die stramien van die sin nou onaangetas bly, om die ewe of die imperfektum of die (plusquam) perfektum gebesig word. Die perfektum met sy twee dele word deur die spreker prakties waardeer as 'n sintaktiese eenheid, sodat binne die sinsverband die sintetiese imperfektum en die analitiese perfektum posisioneel gelyk is. Dit is 'n netjiese oplossing en vrywaar teen moontlike uitwasse waartoe die gebrekiger gebondenheid in ander Germaanse tale soms kan aanleiding gee. Selfs in ewe slegte Engels is 'n opeenhoping van werkwoorde onmoontlik soos in die volgende sportberig wat 'n vooraanstaande Afrikaanse koerant opgeneem het: „Die man wat langs my op die pawiljoen wat vol mense gesit het, gesit het, het opgewonde geskree . . .”

Die ontwikkeling in Engels het dan gesorg dat daar *sintakties* ten minste geen spanning tussen die twee genoemde tydsforme is nie. Daar is dit opgehef deurdat albei dieselfde plek in die sin het. Die gelykstelling op

die een terrein het die eintlike teenstelling net ten goede gekom, en elkeen se gebruiksfêre is duideliker begrens, omdat die temporale en modale afstand tussen hulle beter bewaar kan word. Wackernagel wys ook daarop hoedat die onderskeid tussen die twee tydsforme in klassieke Grieks onder al die Germaanse tale in Engels sy beste voortsetting vind, d.w.s. daar nie so maklik ineenvloei nie (*Vorlesungen über Syntax*, Basel, 1920). Jespersen baken elkeen se terrein in Engels soos volg af: „The perfect . . . connects a past occurrence with the present state as having results of consequences bearing on the present moment. The preterit, on the other hand, refers to some time in the past without telling anything about its connection with the present moment . . .” (*A modern English Grammar*, Kopenhagen, 1949, dl. IV, bl. 60).

Nieteenstaande die duidelike ontwikkeling in die rigting van afstandsbewaring t.o.v. die gebruik van die twee afsonderlike tydsforme is ook selfs in Engels 'n ineenvloeiing van die twee soms op te merk. Sprekende oor die perfektum sê Joseph Wright bv. in sy *The English Dialect Dictionary* (Oxford, 1905): „. . . In the midland, eastern and southern dialect this construction (we (have) *done it*) is sometimes used to express the preterite” (298), maar dit het blykbaar nêrens tot 'n verdringing gelei nie.

(iii) *Die teenstelling in Duits.*

In die suidelike deel van die Duitse taalgebied, naamlik die een wat die kleinste kontingent koloniste gelewer het, het 'n merkwaardige ontwikkeling hom voltrek. Hieroor bestaan reeds 'n uitgebreide literatuur waaruit ek 'n paar grepe doen. Dit blyk dat onder die taalverskynsels wat in die dialekte 'n skeiding tussen die suidelike en noordelike gebiede veroorsaak, in die allereerste plaas die verlies van die imperfektum in die suide te noem is. In plaas van *sang* of *spielte* sê hulle *hat gesungen*, *hat gespielt*. Kurt Jacki het die gebiede noukeurig probeer afbaken (*Das starke präteritum in den mundarten des hochdeutschen sprachgebiets*, artikel in *Paul und Braune's*

Beiträge 34 (1909) 245-529). Om die lyne maar reguit te trek, kan ons sê dat die praeteritum geheel en al ontbreek in Allemannies, in die Opperfrankies van Baden en Württemberg, en in dele van Beiere, in Imst, in Simbries, Luzern, Gottschee en ander kleiner gebiede. Aan die ander kant is die praeteritum kragtig voorhande in die noordelike Middelfrankies, in Thuringe, Opper-sakse, Silesië en in Nederduits, met allerlei oorgangsgebiede daar tussenin.

Wat so merkwaardig voorkom, is die klaarblyklike ouderdom van die verskynsel dat die perfektum in die suidelike streke die imperfektum aangeval en verdryf het. Jacki haal uit Gottsched se grammatika van 1752 'n opmerking hieroor aan, en ondersoek ou tekste vir nadere aanduidinge. „Die Umschreibung tritt bereits im 14. Jahrhundert auf und ist schon im 15. Jahrhundert in oberdeutschen Denkmälern so häufig, dass man annehmen darf, in der lebendigen Mundart sei der Untergang der einfachen Form schon wesentlich entschieden gewesen” (Behaghel: *Geschichte der deutschen Sprache*, 5de dr. (1928), 422).

Ek wou alleen die omvang en ouderdom van hierdie atrofie na vore gebring het.

(iv). *Die teenstelling in Frans.*

Jacki se bydrae het Meillet tot nadere ondersoek aangespoor. Hy het hom vereers afgevra hoe dit in Frankryk lyk en kon uit eie beluistering meedeel: „Dans le français courant de Paris, le prétérit simple, dit passé-défini, est entièrement sorti de l'usage parlé.” Waar dit in die skryftaal aangewend word, is dit „traditionnelle et artificielle . . . ; cet emploi ne répond plus au sentiment actuel des sujets parlants.” Die *Atlas linguistique* van Gilliéron en Edmont toon ook aan dat „dans tout le français proprement dit, le prétérit simple est une forme morte.” Hy noem die „départements” waar die omskrewe perfektum die oorhand of die alleenheerskappy het, en meen dat die verskynsel al betreklik oud moet wees. Sy waardebeplating van die tweestryd vat hy as volg saam: „Pour moi, qui ai été élevé dans les départe-

ments du Cher et de l'Allier, et qui me suis fixé ensuite à Paris, la forme du passé défini m'apparaît comme barbare ou pédante, et je ne puis l'entendre dans la conversation ou la lire dans une lettre familière sans en être vivement choqué (*Sur la disparition des formes simples du prétérit*, uit GRM I (1909) 521 v.v. oorgedruk in *Linguistique historique . . .* (1926), bl. 150-1).

Meillet het ook in sekere streke van die Slawiese tale die saamgestelde perfektum oorheersend gevind (153-4), sowel as in Iraans en Armeens. Dus, in vyf vertakkings van Indogermaans, t.w. in Germaans (Duits), Romaans (Frans), Slawies, Iraans en Armeens, het hy die opkoms van 'n omskrewe perfektum waargeneem en gemerk hoe dit die ouer sintetiese imperfektum óf totaal verdring het óf laat inkrimp het. Daaruit besluit hy: „Dans le procès de disparition, dont on vient de voir des exemples, il y a deux moments à distinguer: 1. Création d'une forme composée de prétérit. 2. Généralisation de cette forme aux dépens du prétérit simple” (154).

Tien jaar later het Gilliéron die verskynsel in die Franse spreektaal nogeens ondersoek en so onder die indruk van die ontwikkeling gekom dat hy die omskrewe perfektum se uitbreiding bestempel het as 'n „nouvelle ère” (*La faillite de l' étymologie phonétique*, Neuveville, 1919).

(v). *Die teenstelling in ander tale.*

Hierdie algemeenheid in verskeie wydvertakte taalgroepe openbaar 'n kragtespel wat, soos dit voorgestel is, sy oorsaak in 'n eenderse behoefte moet vind. A. J. F. Zieglschmid noem nog 'n paar tale by (*Der Untergang des einfachen Präteritums in verschiedenen Indogermanischen Sprachen*, artikel in *Curme Volume of Linguistics* deur J. T. Hatfield e.a. (Baltimore) 1930). In verskeie opsigte vul hy Meillet aan. So is Frans nie die enigste Romaanse taal met 'n omskrewe perfektum nie; dit word ook aangetref in Roemeens en Reto-Romeens; Italiaans, Spaans en Portugees vorm blykbaar uitsonderinge. Aangaande die Slawiese tale verneem ons dat die vorm wat met die imperfektum ooreenstem, in Russies sedert

die middeleeue verdwyn het, in Tjeggies tussen die 12de en die 14de eeu begin verdwyn het en daarin vandag net so min as in Pools gebruik word. Dit geld ook van Serwies en Sloweens. Die Jiddies van die Oosjode mis eweneens die imperfektum totaal.

(vi). *Samevatting hiervan.*

In die spanning tussen die twee het ons dus 'n verskynsel wat hom oor 'n wye gebied, altans in die Indogermaanse talegroep, uitstrek en daarin verskillende vorme kan aanneem. Die aanvaller is die jonger omskrewe imperfektum. In sommige tale het die imperfektum hom blykbaar volkome teen hierdie aanvalle kon verskans; in die Germaanse groep merk ons dit in Engels, die Skandinawiese tale en in Nederlands. Hier leef die twee vorme naas mekaar, elkeen het 'n afgebakende gebruiksfteer, 'n goeie bestaansrede. Tog tree ook hier soms 'n wisselwerking op, bv. in streke van die Nederlandse volkstaal, die minste wel in Engels. In ander Germaanse tale, met name in die Duitse volkstaal, is daar geografies 'n duidelike skeiding. Eindelik blyk dit dat die atrofie van die imperfektum in sekere tale al sedert die middeleeue aan die gang is.

Waar die imperfektum in Afrikaans in onbruik geraak het, selfs al staan dit daardeur nou in baie skerp kontras met Nederlands, die voedingsbron, hoef dit nie noodwendig *as proses* aan invloede buite die natuurlike taalontwikkeling toegeskryf te word nie, ewe min as bv. in Frans. Op die oomblik verkeer ons nog in die duister oor wat die rem afhaal, bv. in een deel van die Duitse taalgebied teenoor 'n ander, in die Kaapse vertakking van Nederlands teenoor die Europese. Daar sal wel positiewe faktore wees, die sterkste, en negatiewe. 'n Bykomende faktor is die kindertaal, soos prof. Bosman na aanleiding van o.a. Van Ginneken se *De roman van een kleuter* kon aantoon, bv. met die aanhaling: „Voorlopig geeft Keesje nog de voorkeur aan het verleden deelwoord met *hebben* en *zijn*” bo die imperfektvorme” (Bosman *Ontstaan* 146). Dit is presies wat die Sterns ook opgeval het: „Das Imperfekt ist . . . erst eine sehr späte Eroberung

des Kindes und bleibt auch weiterhin, abgesehen von einigen Hilfszeitwörtern *war, hatte, wollte*, eine sehr spärlich gebrauchte Form" (*Die Kindersprache* 223). Hierdie opmerking geld van die buurt van Breslau waar die imperfektum in volle gebruik is. 'n Ander bykomende faktor is verhuising (Meillet 151 oor Kanadees-Frans; in Curme-Volume 26 oor Amerikaans-Duits, in PBB 34 524 oor die Duitse „Gemeinden" in Italië), terwyl Engels by verhuising (in sy koloniale tale en Amerikaans) nie hieraan meedoen nie. Kindertaal, verhuising, dialektvermenging, aanraking met gekreoliseerde vorme e.d. kan alleen as bykomende faktore geld wat die eintlike proses kan laat versnel sonder om daarvoor in die eerste plaas nodig te wees. Hoe dit sy, elke geval van hierdie dikwels heel sensitiewe spanningstoestand moet afsonderlik ondersoek word. Wat Afrikaans betref: die verlies van die imperfektum is *as proses* nie so 'n seldsame verskynsel nie, geen noodwendig plaaslike eienaardigheid nie, en dus wel op een lyn met ontwikkelinge elders te stel. Die verlies het ewenwel *in sy verskyningsvorme* gelei tot 'n heel besondere struktuurverandering, 'n toestand wat in verskeie aspekte aan Afrikaans alleen eie is en dit 'n aparte plek laat inneem.

(vii). *Die teenstelling in Afrikaans.*

Die verdwyning van die imperfektum in Afrikaans is geen geïsoleerde verskynsel nie, maar vorm deel van 'n hele kompleks, waarvan 'n paar aspekte en gevolge aangedui moet word.

1. Die wegval van die imperfektum het die ablauteurs van sy vernaamste stut beroof, en behalwe in verstenings, in partisipiale, nominale en ander oorblyfsels het hierdie kenmerkende en oeroue middel van klinkerwisseling uit ons taal verdwyn. Dit het geheel en al opgehou om aktief te wees. Ons werkwoord is nou geskoei op 'n stelsel van stamvasheid en met 'n soort van tour de force, soos dit vir 'n buitestaander mag lyk, is hier verbluffende reëlmaat verkry. In dié sin neem Afrikaans 'n heel enige plek onder die Germaanse tale in.

2. Die verdwyning van die imperfektum beteken t.o.v.

swak werkwoorde totale verlies van die vermoë in ons taalmeganisme om vir tempusaanduiding van suffigering gebruik te maak, die seëvierende middel in baie Germaanse tale. Die onderskeiding tussen swak en sterk werkwoorde het sodoende heeltemal weggeval, d.w.s. die twee groepe het ineengevloei.

3. Daardie dele van die imperfektum se funksie wat nog uitgedruk moet word, word nou deur ander middele waargeneem. Een daarvan is die saamgestelde perfektum wat ook in Afrikaans, net soos in die ander tale die geval was, in die plek daarvan kan tree (*Hij kwam toch- hy bet tog gekom*). Hierdie perfektum word gevorm deur middel van die hulpwerkwoorde *is* en *bet* plus die tweede deelwoord (*hy is verdrink, hy bet gesterf*).

4. Betreffende die deelwoord (die naam *deelwoord*, vernederlandsing van *participium*, berus op die beskouing dat dit as byvorm part en deel het aan sowel die verbale as die nominale groepe): die toename hiervan as gevolg van die omskrewe perfektum werk die partisipialisasie van die uitdrukkingswyse in die hand. Soos die hulpwerkwoorde die temporale aspekte behartig, is die partisipium semanties belangrik en dra die betekenis. In ABA lei dit sintakties tot 'n eie ontwikkeling, veral in die jongere joernalistieke taal, waarvolgens die werkwoord na die sinslot verskuif en die samehang van onderwerp en gesegde maar alte dikwels geskaad word en die mededeling gevolglik daaronder ly.

5. Wat die hulpwerkwoorde van tyd betref, ons het vir Afrikaans nog 'n studie nodig soos die van J. H. Kern vir Nederlands: *De met het participium praeteriti omschrevene werkwoordsvormen in 't Nederlands* (1912), waaraan ek die een en ander prikkel ontleen. Reeds in die praesens waar *bet* en *is* as selfstandige werkwoorde of *is* as koppelwoord optree, *bet* primêr om besit of behoud aan te dui (*hy bet geld*, d.w.s. besit geld, of mnl. *belegert hebben*, d.w.s. belegerd houden), en *is* primêr om 'n toestand aan te gee (*hy is ryk*), kan die twee se eerste betekenisse soms so verbleek dat hulle mekaar nader en inderdaad

in gevalle verwisselbaar is (*by bet verkoue, by is verkoue; by 't bonger, by is bongerig, by 's bonger*).

As hulpwerkwoorde van tyd om die perfektum uit te druk, word daar in ABN 'n afstand bewaar wat ten dele op die grondbetekenis teruggaan. By die oorganklike werkwoorde bestaan die afstand daarin dat die bedrywende vorm *bet* neem (*by bet die hond geslaan*), die lydende vorm *is* (*die hond is geslaan*). Hierdie spesialisasie is in ABA behou.

By die onoorganklike werkwoorde egter is 'n nuwe prinsiep vaardig, naamlik die van aspek. ABN gebruik *hebben* om die voortdoring van 'n bepaalde toestand (die duratiewe aspek) weer te gee, maar *zijn* om òf die oorgang van een toestand of plek na 'n ander uit te druk (mutatief) òf die bereiking van 'n eindpunt (perfektief). Hierin wyk ABA van ABN sterk af. In ABA het die hulpwerkwoord van tyd *bet* toe sy mededinger in werkwoorde met 'n mutatiewe of perfektiewe aspek omtrent heeltemal verdring, soos blyk uit die Afrikaanse ekwiwalente van bv. *zij is vertrokken; gunstige berichten zijn ingekomen; bet is gebeurd; ik ben gegaan; dat is mij ontgaan; bet schip is vergaan* e.d.m. Dit blyk hieruit dat daar in Afrikaans (net soos trouens ooreenstemmend in Engels) 'n uitbreiding by *bet* en 'n inkrimping by *is* plaasgevind het. Afgesien van gevalle wat miskien bes as nagalme beoordeel moet word, het *is* plus verlede deelwoord in ABA gespesialiseer om 'n tydsaspek van die lydende vorm aan te gee. Die aggressiewe *bet* het origens die perfektiewe en temporale hulpwerkwoord by uitnemendheid geword, 'n belangrike struktuurwysiging wat egter nie heeltemal aan die Nederlandse volkstaal vreemd is nie en waarvan die stimulus oorgeneem kon gewees het (vgl. G. S. Overdiep in byna al sy studies, o.a. in *De volkstaal van Katwijk aan Zee* (1940), bl. 167-186 en C. G. N. de Vooy's *Nederlandse spraakkunst*, 2de dr. (1950, bl. 130-3).

6. Die opvolging van tye in die klassieke sowel as in die moderne kultuurtale wat ons gewoonlik leer, word van eersterangse belang geag. As 'n gebeurtenis hom in die verlede afspeel, en wel op 'n vlak waarop daar geen

temporale verwysing is na die betrokkenheid daarmee van die verteller nie, dan word die werkwoord telkens in die imperfektum gebruik. In Afrikaans het dit vir skrywers soos Celliers, Totius, J. H. Malan, Preller e.a., gewoon soos hulle was aan die noodsaak van tydsopvolging in die kultuurtale, veel las veroorsaak en gelei tot 'n opeenhoping van *bet's*, waarmee hulle nie altyd raad geweet het nie (vgl. Malherbe *Afrikaanse Taalboek* § 57), of dit het gelei tot 'n omseiling hiervan deur die *invoering*, soos Jan Celliers in die Voorwoord tot die eerste druk van sy *Vlakte*-bundel gesê het, van die vir Afrikaans onnatuurlike imperfektum (vgl. E. C. Pienaar *Taal en Poësie . . .*, 4de dr., bl. 160 e.v.). Dieselfde moeilikheid het die Afrikaanse Bybelvertalers en taaladviseurs aan die begin blykbaar hoofbrekens veroorsaak. „Nou vind ons,” skryf dr. P. J. Nienaber (*Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, deel II in TWK, April 1950, bl. 46), „dat prof. Smith in sy aantekeninge op Exodus verklaar het dat daar in Afrikaans geen opvolging van tye bestaan nie.” Dit is korrek dat die lewende taal die funksie van die imperfektum nie op skoolse wyse net met 'n perifrastiese perfektum vervang het nie, maar so stellig as prof. Smith dit stel, is dit seker nie juis nie. Tyd is 'n psigologiese begrip en die historiese of dramatiese praesens kan, volgens die meelewing van die mededeler, net so goed op die toekoms as op die verlede slaan, ooreenkomstig die verband (kyk bv. De Vooy 135-8). In Afrikaans kan die praesens (as ons dié vorm tot maatstaf kies) in die plek van die imperfektum tree, en doen dit ook, veral as dit gesteun word deur subjuncta soos: *toe, gister, daarna* e.a. wat as temporale aanduidings optree. Die opvolging berus op 'n innerlike verband wat vir spreker en hoorder meteen duidelik is, al is daar uiterlik 'n afwisseling van perfektum en praesens vir die gebeurtenis wat hom in die verlede voltrek. Lê ter illustrasie verhalende gedeeltes van die Afrikaanse en Nederlandse Bybels naas mekaar: op goed geluk af kies ek Mattheus 4, vs. 3: En die versoeker *bet na Hom gekom . . .* 4 Maar Hy *antwoord en sê . . .* 5 Toe *neem* die duiwel

Hom . . . 6. en *sê* vir Hom . . . 7 Jesus *sê* vir hom . . . 8 Weer *neem* die duiwel Hom . . . 11 Daarna *bet* die duiwel Hom *laat staan* en daar *bet* engele *gek*om en Hom *gedien*. Die Afrikaanse „praesensvorme” verskyn in Nederlands imperfektief. In ander Germaanse tale sal die volgende in die praesens seker Kreools klink: „Gister *sit* oom Jan weer op dieselfde koppie en sien op ses honderd tree van hom af ’n steenbokkie staan. Hy vat toe sy geweer en kruip versigtig nader, maar die bokkie merk onraad en laat spat . . .” Met hierdie lang argument wil gesê word dat die neiging tot „praesensering” in gewone, goeie Afrikaans ’n graad bereik het wat hom besonderlik kenmerk en teenoor ander verwante tale omtrent net so apart stel as deur die verlies van die ablaut of die imperfektum.

B. Naas die hele kompleks van verskynsels wat met die verdwyning van die imperfektum saamhang, is die volgende allerbelangrikste kenmerk die volkome defleksie. Ook hier bly natuurlik allerlei reste oor wat egter sonder invloed op die strekking van die argument is en dus nadruklik buite rekening gelaat word. Daar word gewoonlik by die werkwoorde van Indogermaanse tale ’n onderskeid gemaak tussen finitiewe en infiniete vorme. Die infiniete vorme (infinitief, participia) val slegs gedeeltelik onder die werkwoord; en eintlike werkwoorde, tegelyk die werklike draers van die sinne, het in die verwante tale die „geschiktheid,” soos prof. De Vooy dit noem (105), om deur middel van vormverandering, daaronder veral uitgange of finitiewe vorme, die tyd van die handeling aan te gee asook die persoon (die spreker, die aangesprokene, of die derde, d.w.s. nog-die-spreker-nog-die-aangesprokene), die getal e.d.m. In Afrikaans is hierin weer ’n merkwaardige toestand bereik. Van finitiewe vorme as lewendige middel het niks oorgebly nie. Die ontwikkeling was in die rigting van die naakte stam, van ’n formele nultrap, ’n konstante minimum-element met slegs die semantiese krag oor. Die infinitief as infiniete vorm het ook met die stam

saamgeval. Vormverandering het so opgehou om by die Afrikaanse werkwoord 'n bruikbare indelingsprinsiep te wees. Die stam is die enigste primêre vorm wat nou teenoor die enigste sekondêre vorm van die tweede deelwoord staan. Soos by tempus, persoon en numerus, so ook by modus.

Daar het derhalwe 'n magtige omwenteling op die gebied van die Afrikaanse werkwoord plaasgevind, nie net uiterlik nie, maar veel meer in gedrag en struktuur. Dit verteenwoordig vandag 'n aparte tipe. In die Afrikaanse taallewe het daar alleen nog by die voornaamwoord en by die genusonderskeiding van die selfstandige naamwoorde 'n strukturele ombouing plaasgevind wat hiermee as rewolusie enigszins vergelykbaar is.

* * *

Om dié rede wil ek die werkwoord as toetssteen gebruik om te probeer bepaal op watter trap in die ontwikkelingsgang van Nederlands tot Afrikaans ons in die periode 1750—1800 staan, d.w.s. of ons nou al van Afrikaans mag praat. Die taak is by gebrek aan wetenskaplik betroubare, aaneenlopende dokumentasie nie maklik nie. Daar is die *Lied* van 1795 en die veldwagmeesters se briewe, maar laasgenoemde kan geen getroue weergawe van die spreektaal van die veeboerestand wees nie, omdat die skrywers tog moes probeer het om met hulle beste Nederlands voor die dag te kom, en ons dus van die onwillekeurige foute moet uitgaan. Die *Lied* wil wel die draak steek met die „heldemoed” van die grootpratende veeboere van Swellendam en Graaff-Reinet, sowel as met hulle taalgebruik. Ons weet egter nie in hoever die digter daarin geslaag het om hulle taalgebruik goed te skets nie, en daarby is hy aan die skryftaaltradisie gebonde (soos Jan Celliers in 1914 aan dr. Schoonees oor 'n kleinigheidjie verklaar het: „U het gelyk: ik had *Martjie* moes skrywe en nie *Martje* nie — dit duur nog al 'n rukkie voor ons die ou vel heeltemal afgooi en puur Afrikaans word,” in *Verskeidenbede* (1948), bl. 62). Miskien moet ons hieraan inkonsekwensies toeskryf soos *ons noemt* maar *de kogel kom* (na *m*), *ze springt* maar *ons*

spring, en *neen* as rymwoord by *wee* i.p.v. *nee*. Aan die ander kant weet ons nie in hoever die digter oordryf nie; desondanks moet ons werk met wat ons voor ons het.

Uit die *Lied* blyk dit dat die finitiewe werkwoorde teen 1800 reeds gedeflekteer moes gewees het. In die praesens is dit die naakte stam wat oorbly, afgesien van die reste (taai reste, soos ewentueel sal blyk) in (hij) *gaat*, *slaat*, *ziet* en van waarskynlike skryftaalreste in (*bij*) *dwingt*, *heeft* e.a. Daar is in ieder geval drie maal soveel kaal, totaal gedeflekteerde stamme by enkel- en meervoud, 1ste en 3de persoon. Die fleksieloosheid was dus algemene reël by die praesens en enigste reël by die imperfektum (ses keer). Persoons- en getalsonderskeidinge het hier ondergegaan, sodat die een besondere kenmerk van Afrikaans onder die binnelandse burgers van toe reeds vasgelê was. By die infinitie vorme is die tweede deelwoord blykbaar ook al op die Afrikaanse standpunt van stamvastheid: *aangekijk*, *ons is bezwijk*. Ongelukkig is dit die enigste twee voorbeelde, met ablautmoontlikheid, maar opvallend genoeg behoort hulle juis aan die groepie van sterk werkwoorde wat tans in Nederlands die meeste is, byna 'n derde van die bewaarde 150-tal (De Vooy's 109).

Die afwykings begin by die oorblywende infinitie vorm, die infinitief. Behalwe by *ons kan begryp* verskyn die infinitief konsekwent op *-en*, soos in Nederlands, na *kan*, *laat*, *mag* en *moet* en na (*om*) *te*, sowel in die gesubstantiveerde *aan 't vegten*, sodat die infinitief blykbaar groter weerbaarheid aan die dag gelê het as die verlede deelwoord. Die verdere afwykings van die huidige gebruik is, volgens die *Lied* altans, die feit dat *is* by mutatiweword die hulpwerkwoord van tyd gebly het (*is beswyk*), en bowenal dat die imperfektum nog in lewendige gebruik is (*ons koos*, *zij vroeg*, *bij zette af*). In die opsigte staan dit nog op Nederlandse standpunt.

Die briewe van die veldwagmeesters gee ons hierby 'n (soms korrektiewe) aanvulling. Die taalfakte daarin vervat, moet nog wetenskaplik verwerk word, o.m. ten opsigte van geografiese verspreiding van die verskynsels,

hulle relatiewe frekwensie en hulle wedywing met ander vorme in briewe wat volgens die graad van geleerdheid van die skrywers saamgegroepeer is, telkens kronologies geperiodiseer en waar nuttig persentatief en kartografies uitgedruk, sodat die neigings in hierdie hoogsbelangrike tydvak bevredigend kan opgespoor en gewaardeer word. Intussen volg hier 'n paar algemene konklusies ter aansluiting by wat oor die werkwoord opgemerk is.

Daar moet nog in gedagte gehou word dat die briewe nie noodwendig 'n goeie deursneebeeld gee nie. Uit die groot aantal wat blykbaar in goeie of redelik goeie Nederlands gestel was (graag sou ons wou geweet het hoeveel), is alleen die klompie gelig wat, as dit nie opgeneem is om die dokumentasie van 'n tipiese woord nie, deur afwykinge, veral in grammatika, belangwekkend is en so die swakste taalgebruik verteenwoordig. Daarin val op dat die werkwoorde met 'n meervoudige onderwerp in meer as die helfte van die gevalle in die enkelvoudsvorm staan, d.w.s. net die stam vertoon, soms met, soms sonder die slot-*t*. In die briewe van 1750-52 is die werkwoord uit 28 gevalle 14 maal nie, soos dit moes, meervoudig gevorm nie, in die briewe van 1776 uit 25 gevalle 17 keer nie. Dit lyk asof hierdie proses in die mindere volkslae algemeen geword het en of die *begin* van die werkwoordelike afwykinge hier te vinde is: die sameval van enkel- en meervoud in die vorme van die enkelvoud, sodat pluralisasie nog enkel by die s.nw. en die persoonlike vnw. onderskei word. Dit bevestig wat by die *Lied* opgemerk is. Hoewel daar geen persoonsonderskeidings is nie, is die stryd tussen 'n aantal wisselvorme by *bet* en *is* en die vorme met en sonder slot-*t* nog aan die gang. In hoofsaak is hierin ewenwel die Afrikaanse standpunt reeds bereik.

By die spanning tussen imperfektum enersyds en die omskrewe perfektum of die historiese praesens andersyds moet ons, na dit voorkom, 'n skeidslyn trek. Hoewel die perfektum sporadies optree waar ons die imperfektum sou verwag, geskied dit tot ongeveer 1790 relatief selde en bly die gebruik van die imperfektum (net soos in die

Lied) die algemeenste reël vir handelinge in die verlede tyd. Maar van so in die buurt van 1790 af lyk dit of die verhoudinge verander. Teen die uitgang van die eeu het die perfektum dikwels al die oorhand behaal, bv. in 'n paar briewe uit 1798: vergelyk nrs 142, 145 en besonderlik die lang 146 van veldkornet Kruger waarin prakties die Afrikaanse standpunt t.o.v. die vervanging van die imperfektum bereik is. Laat ons aanneem dat dit naastenby die algemene toestand in die binnelandse taalgebruik teen 1800 weerspieël.

Maar hier hou die besondere Afrikaanshede m.i. op. Die perfektum word omskryf met *is* en *het* (waarvan daar baie wisselvorme voorkom soos *heb, hebt, heef, heeft, beft* en sedert 1770 *het*); *is* ondervind egter nog geen merk-bare las van *het* as hulpwerkwoord van tyd by mutatiewe en perfektiewe nie, sodat dit nog stewig op Nederlandse standpunt verkeer, net soos ook by die deelwoord wat, in weerwil van enkele afwykings, nog die sisteem van klinkerwisseling by die sterk werkwoorde nagenoeg suiwer bewaar en daarin ook die onderskeiding tussen die sterk en swak werkwoorde volhou. Die ablaut bly gevolglik nog standhou. Die afstand tussen die primêre en sekondêre vorme word ook nog ooreenkomstig Nederlandse gebruik in die infinitief gehandhaaf, ondanks die paar uitsonderinge wat taamlik geïsoleerd voorkom. So word die infinitief in brief 135 uit 1795 26 keer gebruik, slegs eenmaal daarin sonder uitgang (*moet versamel*). Opmerklik is dit om te sien hoedat die infinitief al meer en meer die uitgang op *-e* verkies, veral na 1780, en dat die gevalle selfs toeneem waarin die uitgang wegval; in 'n brief uit 1800 (nr. 154) oorheers dit selfs, maar die algemene reël in ons tydvak is wel dat dit nog lewendig is.

Ons slotsom is dat die verbrokkeling van ons verbale stelsel teen 1800 reeds baie ver gevorder het, maar dat dit nog so seer 'n oorgangsfase verteenwoordig dat ons die term „Afrikaans” baie rekbaar sal maak en ongetwyfeld misleidend sal toepas as ons die toestande nou al daarmee wil aandui. Miskien is dit juister om die taal van die oor-

gangstydperk (1750—1800) liewers nog met die benaming Kaaps-Hollands te onderskei. Dan dui ons die taalgebruik van die tydperk van ons geweldigste gebiedsuitbreiding (1800—1850) aan as Vroeë Afrikaans, die tydperk wanneer o.a. die imperfektum in Boere-Afrikaans in oorrypheid omtrent al moes afgeval het.

Dit lyk moontlik om die eerste stappies in die kronologie van die verbale struktuurveranderinge aan te gee.

1. Die vroegste fase is (*a*) die ineenvloeiing van die twee getalle in die vorm van die enkelvoud, en (*b*) die ineenvloeiing van die persoonsonderskeidinge in die vorm van die derde persoon enkelvoud veral, wat by die hulpwerkwoorde *bet* en *is* maklik nagegaan kan word. Hierdie stadium moes teen 1750 al 'n rukkie ingetree gewees het, maar dit sal nog meer as een geslag lank duur voordat 'n goeie nuwe morfonologiese sisteem uit al die verwarring en wisselvorme te voorskyn kan kom; teen 1800 is dit, na dit skyn, in die binnelandse taalgebruik vrywel seker bereik.

2. Die infinitief begin teen die laaste kwart van die eeu al meer en meer 'n neiging openbaar om sy uitgange te verwaarloos en formeel met die praesensstam saam te val, d.w.s. sy uiterlike klassifiserende ken-merke in te boet, wat dan vanself die semantiese en sintaktiese aspekte ten goede sal kom.

3. Die volgende fase staan in verband met die imperfektum maar het nog nie sy beslag gekry nie. Toe die omskrewende perfektum die imperfektum teen 1800 sterk in die gedrang laat kom het, het dit morfonologies beteken dat die ou teenstellinge verswak is. Die sisteem van klinkerwisseling by die sterk werkwoorde het daaronder gely, soos met voorbeelde uit Kruger se brief van 1798 (nr. 146) veraanskoulik kan word. Participia perfecti word hierin 34 keer gebruik; 4 keer is die werkwoord swak en 30 keer sterk. Tog is die werklike verhouding by die ablautgroep veel ongunstiger as hierdie syfers te kenne gee, want in slegs 20 uit die 30 gevalle is daar nog klinkerverskil by die enigste teenstelling wat hier oorbly, nl. tussen praesens(-infinitief) en part. perf. (bv.

schieten- is dood *geschote*), en in 10 gevalle, dus in die helfte, het dié onderskeiding verdwyn deurdat die praesens(-infinitief) en die part. perf. dieselfde stamklinker het, in teenstelling met die (verdwynende) imperfektum (*gegeve; gekome; gevange; geweest 4x; ontkome; toegedrage; weggelope*). Hierdie groep sterk werkwoorde sluit dus aan by die stamvaste swak werkwoorde en skep 'n nuwe, kragtige opposisie, d.w.s. die ablautstelsel word ondermyn gedeeltelik ten gevolge van die byna averegse bevordering van die neiging tot stamvastheid, wat nou as die normale begin voorkom na mate die part. perf. die imperfektum op die agtergrond stoot. Verwarring ontstaan ten koste van die imperfektum en ten bate van die reëlmatigheid (vgl. *beeft gesteele* in brief 88, *beeft versoeke* in 110a, maar die seëtog vind eers na 1800 plaas en stel die interessante weg vir die res van die kronologie oop).

Die moeilikste vraag is nou aan die orde: hoe moet ons die veranderinge verklaar? Meer as een antwoord is reeds gegee. (a) Dr. Hesseling behandel die verskynsels globaal en sien in die Afrikaanse werkwoord die resultaat van 'n algemene kreoliseringsproses (2de dr. 123-5). Die vreemdelinge, die Maleis-Portugeessprekende slawe vooraan, druk dan hulle gedagtes uit deur middel van die stam as die eintlike betekenisdraer en veronagsaam die uitgange en fyner onderskeidings. Hierdie afslypinge het die blankes dan reeds voor 1700 al oorgeneem.

(b) Dr. D. B. Bosman behandel dit ook globaal en toon aan dat baie van die kenmerke van die Afrikaanse verbale stelsel raakpunte vertoon met die 17de eeuse Nederlandse volkstaal, die Nederlandse kindertaal en die krom-Nederlands van vreemdelinge, sodat hy bereid is om aan spontane ontwikkeling sowel as aan die vorm van Nederlands wat die nie-Nederlandse vreemdelinge (blank en ander) gepraat het, omvormende invloed toe te ken. (c) In 'n artikel oor die Afrikaanse taalstudie bepaal dr. A. C. Bouman hom by die verdwyning van die meervoudsvorm en meen dat „het verbum zich namelijk, wanneer er meer dan één subjekt in de zin voorkomt, in getal

richten (kan) naar het belangrijkste of het naastbijzijnde" (TWK II 30), wat soms in die enkelvoud by 'n meervoudige verband staan, en daarvandaan, reeds sedert Van Riebeeck se tyd, sou dit dan uitgebrei en in Afrikaans beslissend geword het. Daar is nog ander pogings wat een of ander van die genoemde faktore op eie wyse eksklusiveer.

Die feite kan ook soos volg opgesom word: (i) Die nivellering van vorme by persoon, tempus, getal e.d.m. is nie net beperk tot Afrikaans nie, die werkwoorde van alle Indogermaanse tale ken dit en telkens berus dit op 'n eie stel gegewens wat elke keer opnuut opgespoor moet word. Engels en die Skandinawiese tale byvoorbeeld staan t.o.v. die verbale defleksie baie na aan Afrikaans, maar in ander opsigte soms weer ver weg. Besondere omstandighede het in die taal van die binnelandse boere van die Kolonie 'n verskuiwing in die ou groeperings en teenstellings in die rigting van vereenvoudiging veroorsaak, sodat die onderskeidings tussen enkel- en meervoud, tussen praesens en infinitief en tussen die drie persone almal in die stam saamgeval het of besig was om saam te val, 'n tendens wat sekerlik nie spesifiek Afrikaans is nie. Die stam het dus hoofsaaklik betekenisdraend geword. (ii). Die opposisie tussen imperfektum en perfektum of praesens is eweneens nie spesifiek Afrikaans nie. (iii). Kreools-Afrikaans het *naas* die blankes se taalvorm bestaan, en waar dit o.a. deur verbale defleksie gekenmerk was, kon dit, onwillekeurig en veral onbewus, die blankes se taalgevoel aangetas het, gewoon soos hulle geword het om die kreolismes elke dag te hoor. Dié invloed is dan as onregstreeks te beskou, aangesien daar aangeneem moet word dat die blankes hulle sterk sou verweer het teen wat as plat of onbeskaaf gevoel is. Hoe meer die twee vorme mekaar genader het, hoe groter die moontlikheid van onwillekeurige beïnvloeding kon gewees het. Die blankes het in elk geval nie die taalvorm van die nie-blankes oorgeneem nie, maar het ononderbroke hulle eie taalvorm gebesig wat gaandeweg in hulle mond vereenvoudig geraak het. (iv). Die belangrikste kragte

by die nivellering was ongetwyfeld kragte van binne, „spontane” faktore. Daarom het die vryer, losbandige ontwikkeling juis in die binneland vaart gekry waar die rem afgehaal was. Omdat dit „spontaan” was, het dit so lank geduur om voltrek te raak, het dit stap vir stap voortgeskry: eers ’n honderd jaar na die stigting van die nedersetting was die „pot hard aan die kook.” Omdat dit „spontaan” was, toon dit voortdurend raakpunte met die Nederlandse kindertaal en die Nederlandse dialekte van vandag. Om dieselfde rede ook sal dit gebeur dat wanneer die rem onder die Britse besetting in die Boland en in Kaapstad afgeneem word, die taal dáár dieselfde ontwikkeling gaan deurmaak en gelyk gaan word aan wat elders reeds norm geword het. Die kromtaal van die vreemdelinge het gevolglik nie die struktuur erg aangetas nie, maar hulle het stellig die tempo help versnel.

§65. Die Voornaamwoord.

Die opmerklikste verskynsel by die persoonlike vnw. is die opkoms van *ons* as nominatief. In die *Lied* is dit die enigste vorm, miskien uit oordrywing; in die veldwagmeestersbriewe verskyn dit heel selde, die eerste keer in 1798, wat moontlik ’n aanduiding is van hoe die skrywers platheid probeer vermy het. Ons moet waarskynlik aanneem dat *ons* (nom.) en *wij* teen 1800 nog naasmekaar gebruik was, met *wij* as die deftige vorm.

Hoe het *ons* die opponent van *wij* geword om dit later totaal te verdring? (a). Verskeie persone, veral van voor 1900. (Stoffel, Te Winkel, Du Toit e.a.), het dit toegeskryf aan Frans wat een vorm *nous* vir nom. en akk. het en wat dan as tendens deur die Hugenote die taal van die koloniste binnegedring het (vgl. G. S. Nienaber *Taalkundige Belangstelling in Afrikaans tot 1900* (1950), bl. 50 e.v.)

(b). Dr. Hesseling ag dit die waarskynlikste dat *wij* „voor ’t nadrukkelike ons” plek gemaak het „onder invloed van een taal als ’t Maleis, dat één vorm heeft voor nom. plur., acc. plur. en pron. possessivum, n.l.

kami of *kita*, al naar de spreker de aangesprokene uitsluit of meerekent" (120).

(c). Dr. Bosman meen dat dit nie op invloed van die slawetaal teruggevoer kan word nie (92), en sien hierin 'n geval wat op die grens lê tussen spontane ontwikkeling en die vreemdelinge se kromtaal (140). Hy wys met die oog op die moontlikheid van spontane ontwikkeling daarop dat Seeus *ons* vir *wij* gebruik, dat sommige Engelse dialekte *us* vir *we* ook ken, en dat die verwisseling van naamvalle nie net tot die eerste persoon beperk is nie, bv. *u*, *je* en *jullie* is in beskaafde Nederlands sowel eerste as vierde naamval.

(d). Dr. Bouman wil dit as 'n uitbreiding van 'n seldsame sintaktiese ellips sien soos dit in skeepsjoernale en offisiële berigte aangetref word. In 'n sin soos *Saeterdaghs smorgens setten onse fock weder bij d' windt* vir *setten wij onse fock* „heeft het possessivum zich licht kunnen laten gevoelen als het eigenlike subjekt,” versterk deur wendinge soos *laat ons gaan* uit die volkstaal (TWK II 29). Dit is 'n paar verteenwoordigende verklaringsmaniere.

Al die aspekte word deur dr. Bosman en Hesseling uitvoerig bespreek. 'n Mens moet net nie die indruk kry dat *ons* so heel *algemeen* in Seeus voorkom nie. In Blancquaert se *Dialectatlassen* verskyn opnames wat in 53 plekke in die Seeuse eilande gemaak is; op slegs 14 plekke is *ons* genoteer, en dan nie altyd as die enigste nominatief nie, en ook nie altyd (anders as prof. Hesseling vir Afrikaans beweer) as die nadruklike vorm nie. By I 66 verneem ons n.a.v. die *wij binden* in die paradigmata (nr. 139): „*unz of wilder (met nadruk) binde.*” Ongelukkig weet ons nie hoe die verhoudinge in Seeus teen 1800 of vroeër gelê het nie, maar vandag is die onderwerps- en die voorwerpsvorm *meestal* verskillend. Nogtans is dit van belang dat in die verskeie verwante dialekte soos in Nederlands en Vlaams (vgl. De Vooy's en Schönfeld onder pronomina), in Engels (Wright *The English dialect grammar* 270—1) en Duits (Hesseling verwys na Kloeke se proefskrif in verband met die dialek van

Finkenwärder in die Elbe, 119) en moontlik in ander Germaanse streektale die sameval van onderwerps- en voorwerpsvorm uit laasgenoemde oor die algemeen voorkom en by die 1ste pers. meervoud in die besonder, d.w.s. dat spesifiek Afrikaanse toestande nie nodig is om dié sinkretisme te voorskyn te roep nie. Dit kan as 'n resessiewe neiging bestempel word wat, hoewel in heel beperkte kring, tog soms dominant kan word.

Hiernaas staan dat kromtale graag die meestal voller en, deur sy ooreenkoms met die besittlike vnw., frekwenter voorwerpsvorm van die persoonlike vnw. gebruik, soos ons elke dag in krom-Engels of Kombuis-Zoeloe kan waarneem, en waarvan dr. Hesseling ons i.v.m. Nederlands voorbeelde gee in sy *Het Negerbollands der Deense Antillen* (1905), bv. *finger seg Ju* (t.w. jou vir jy), *no seg mie* (die vinger sê jy en nie ek nie, d.w.s. niemand soek die skuld by homself nie); *bem le slaep nogal?* vir *slaap by nog?*; *lastaen ons oppo vir laat ons opstaan*, ens.

In die voorbeelde van kromtaal by die Hottentotte en slawe het ons hierdie eienskap by die 1ste pers. mv. van die heel begin af ontmoet: dit was 'n besondere en volhardende kenteken. Die koloniste het dit bepaald as sodanig gewaardeer en waarskynlik *om die rede van sy platheid* het die vrouens wat dit teen 1740 al in die mond geneem het, volgens Mentzel „schamroth” geword as hulle daarop betrap en daarmee geterg word: hulle was m.i. toe nog bewus daarvan dat dit 'n lelike kreolisme was en uit die beskaafde spraak geweier moes word. Dan het hierdie kenmerk, ondanks allerlei raakpunte met Nederlands, ons taal vir die grootste gedeelte as 'n kreolisme binnegedring.

Die pers. vnw. wyk origens nie so sterk van Nederlands af nie, maar dit bevat aanduidings van dieselfde wisselwerking tussen deftige en gemeensame gebruik as in die geval van *wij-ons*. Die derde pers. mv. het bv. in die *casas rectus* volgens die veldwagmeestersbriewe (a) die deftige simplex *zij* (*sij*, *se*); maar meestal (b) die gemeedeliker swaar kompleks *zijlui* of *zijlieden*, wat gewoonlik tot (c) die ligter ooreenstemmende vorms

daarvan ontwikkel het, soos *sullui* en *sulle* respektiewelik (in 'n menigte spellingvariante opgeteken); en daarnaas verskyn (*d*) die heel seldsame, kenlik gemeensame *bulle* (uit *ben-* of *bun-liede*, *-lui*) of *bul* (brief 136). Die *zij*-groep staan teenoor die *bulle*-groep. Die brieffskrywers strewe bewus na deftigheid en hierdie *zij*(*liede*)-vorme kom gevolglik byna deurgaans voor — 'n goeie bewys hoe die spreektaal steeds oopgestel was vir die vormende inwerking van die meer verhewe (skryf)taal. Ons moet daarop bedag wees dat die gemeensame *bulle* waarskynlik opsetlik vermy sou gewees het, en as dit dan tog 'n keertjie voorkom, dan moet daar veel waarde aan geheg word. In 1788, die vroegste vindplaas, kry ons dit in 'n brief (nr. 101) waarvan die toon bra plat is, in 1794 weer, maar in beter geselskap (nr. 124), in 1797 ter afwisseling van en gelykwaardig by *sulleij* (136), in 1798 'n keer as die enigste (en dus goeie) vorm (141), miskien 'n aanduiding dat dit in aansien toeneem.

In die datief oorheers *baar*, *baarlieden*, *baarlui*, *baarle* en in die akkusatief kom by *se*, *sulle*, *sullen*. Die possessief ken veral *baar* en *baarle*. C. P. Hoogenhout sal in 1873 vertel dat *baarlie* en *sullie* in Afrikaans deftig, *bulle* intiem klink. In Nederlands het die ou *zullie* nooit tot die beskaafde taal deurgedring nie, en *bullie* het nog 'n trappie laer gestaan (De Vooys 84). *Jullie*, die 2de pers. mv., in Nederlands deurgedring tot die algemeen-beskaafd, is in die briewe 'n enkele keer aangetref, maar dan as possessief (*doet julle bes*, 120b, 1793); die skrywers van die briewe het *julle* blykbaar opsetlik vermy en gebruik *gij*, *u*, *ue* (*u* edelen), hoewel *julle* (*jullie* ens. uit *jij-lui* of *-liede*; *jij* was oudtyds meervoud) moes gehoor gewees het (vgl. *Taalargief* III 36). Die deftige, formele *u* en *ue* sowel as *gij* is ook enkelvoud; daarnaas staan *oom* en *neef*, oorblyfsels van die vroeëre vormlikheid (*tante*, *nig* en ander familiële vokatiwe is nog nie gedokumenteer nie maar het stellig bestaan). Hulle is gebruik teenoor persone van meerdere of gelyke stand in eie kring, ook buite die familieverband, en is meegebring uit Europa waar dit in die 17de eeu mode was

en in streke bly vassteek het. (Vgl. vir Engels o.a. S. Pegge, *Anecdotes of the English Language*, Londen, 1844, "Aunt and Uncle, applied in Cornwall to all elderly persons" 357). 'n Derde stel is *jij*, gebruik by gemeensaamheid en neerbuigendheid deur die blankes en uitsluitlik in Kreools-Afrikaans in onderlinge gesprek tussen gelykes. *Jy* is skaars in die *Taalargief*; 'n mooi geval is die bekentenis van Elsie Vlotman (111, c.1790) wat 'n rusie tussen haar en 'n ander vrou beskryf oor wie die „netste lijwe hat"; in die dialoog word konsekwent *jij* gebruik.

By die 1ste en 3de pers. enk. is die kragtespel minder opmerklik. By die 3de pers. val dit op dat as objeek en na voorsetsels veral *hem* voorkom, 'n keer ook *him* (133a 1795) en *hum* (101 1788), maar nooit die eweneens oorgeërfde wisselvorm *hom* nie, wat sonder twyfel moes bestaan het. Dit is dan òf deur die sug na deftigheid geweer òf omdat dit as plat aangevoel is waartoe die feit kon meegehelp het dat Kreools-Afrikaans hom die vorm al toegeëien het. By die besitlike vorm van hierdie persoon kry ons al die toutrekkery tussen *zijn* (bv. *seyne togt*, brief 73; *seyne vee*; *zen vee* 52) en *zij* (in brief 40: *agter zeij huijs* en *van zeyn huijs*); laasgenoemde is nog die uitsondering. Baie van die wisselvorme kan ook op verskrywings berus. By die 1ste persoon is weinig op te merke. Die vorm *ek* word vir die eerste keer in 1795 genoteer (129), en in die casus obliquus is die oorgeërfde dialektiese *mijn* (De Vooy's 71) veel voorkomend waar ons vandag in ABA en ABN *my* het (*bet staat mijn voor* 2; *bij mijn gekomen is* 6), sodat *mij* en *mijn* hier in wisselwerking verkeer, net soos in mindere mate in besitlike verband (bv. in brief 89: *tot mij leet wese naas mijn pligten*), sowel as in die refleksief (*ik bevind mijn* 46 teenoor *mij*). Die wederkerige vnv. van die 3de pers. enk. het in die meeste gevalle die ou Middel- en latere Nederlandse en moderne dialektiese *hem* en *haar* (*bij moet hem overgeven* 70, *een menigte verweerde haar tegen* 110b), en betreklik selde die van bo ingevoerde *zich* (88, 134), sodat die volkseie hier inder-

daad oor die nuwere deftigheid heers. Verder het ons aanduidings dat *wat* met *die* en *dat* (ens.) konkureer (*mijn paerde wat* 96, *de zaak wat* 134), soos ook *dit* met *bet* as onpersoonlike vnv. (102). Vindplase vir *bierdie* en *daardie* het my in *Taalargief* nie opgeval nie.

Om saam te vat: dit is 'n vraag of ons met die gegewens uit die *Taalargief* 'n skerp omlynde beeld van ons voor-naamwoordelike stelsel tussen 1750 en 1800 kan teken, want dit is duidelik dat ons allerlei toegewings moet maak omdat die gemeensame vorme met opset uit die deftig-aandoende briewe en verslae geweer is. Ons moet aan die gegewens 'n eie perspektief gee. Dan is ons miskien geregtig om te sê dat die kolonistetaal selfs op die verste voorposte sterk onderhewig was aan ononderbroke invloed van die Nederlandse standaardtaal en die verhewe uitdrukkingswyse (deels via die Bybel), soos dit by die vnv. insiggewend skyn te wees; dat aan die ander kant veel van die toestande uit die Nederlandse dialekte in die vnv. goed en gaaf bewaar is (*mijn* in akk. en dat.; *hem* en *haar* teenoor *zich*, e.a. gevalle); dat daar 'n spanning tussen die twee groepe gegewens bestaan het; dat in die Kolonie soms 'n reïnterpretasie, 'n eie, afwykende skeiding tussen deftig en gemeensaam ontstaan het (bv. by *sullie-haarlie*), ten dele te voorskyn geroep deur die simbiose van die Nederlandse taalvorme van die blankes en nie-blankes; dat Kreools-Afrikaans nie sonder invloed op die kolonistetaal was nie (bv. by *ons*); en dat daar in die kolonistetaal 'n toestand van normsoeke geheers het wat in die laaste helfte van die agtiende eeu nog nie besleg was nie. Ons kom nogeens tot die gevolgtrekking dat hierdie tydperk die „kritieke” tydperk van oorgang is. In sommige opsigte staan ons volledig op Afrikaanse standpunt, in ander nie. Die kentekenende sinkretisme is besig om vas te word, maar is dit nog lank nie.

§66. *Die lidwoord en genus.*

In die meeste briewe word die onderskeid tussen *de-* en *bet-*woorde redelik goed gehandhaaf; die gevoel vir

onsydigheid is nog lank nie verlore nie. Dit blyk daarby darem ook dat meer as een skrywer soms onseker is, en in party gevalle is die *afwykinge* inderdaad heel opmerklik. 'n Keer of wat — hulle is die hoë uitsonderinge — word die *onsydige* lidwoord verkeerdlik voor 'n s.n.w. geplaas, nie omdat dit in ooreenstemming met die alledaagse spraakgebruik is nie, maar waarskynlik as gevolg van 'n strewe na wat hiperkorrek word en juis daardeur verraai wat die skrywer wou bedek het (*bet dag, bet dienst, bet maand, bet rivier*). Die digter van die *Lied* doen dit ook: *bet* word wel *die* (*die ding*), maar *die* word ook *bet* ('t *beuvel*), waardeur hy waarskynlik met groter opsetlikheid die genusverwarring in die lig wou stel en by wyse van oordrywing die draak wou steek met die „onsuiwer” taalgebruik van die binnelandse „helde.” In elk geval laat ook die digter uitkom dat *de* en *bet* albei, hoewel dan soms verkeerdlik, nog deel en part van hulle daaglikse taal is.

Bepaal ons ons net by die afwykings, dan is die belangrikste vasstelling wel dat *de* die verowerende partikel is. Wanneer 'n lidwoord „verkeerd” gebruik word, geskied dit byna altyd ten koste van *bet*, bv. *de gevaar, de land, de pad*,¹⁾ *de veld, de water*, ens., almal heel gewone woorde wat daaglik in die mond geneem word. Dat die onsydige genus in die gedrang raak, merk ons ook by *dese gewest, dese kint* e.d.m., en nooit andersom nie. Hierdie verwaarlosing van die neutrum val sterker in die laaste kwart van die eeu op. In brief 23 (1776) verskyn geen enkele *bet* as lidwoord nie; van die 14 bepaalde lidwoorde is 12 in die vorm van *die*, 2 van *de*, ook by *vee, veldt*. Die *de* (*die*) daarin het amper 'n ritmiese effek. 'n Brief teen die einde van die kwarteeu (nr. 146 van 1798) gebruik *bet* as bepaalde lidwoord 1 keer, *den* 8 en *de* 65 keer. Dit is nie noodwendig 'n tipiese brief nie, maar dit verduidelik 'n tipiese neiging: waar daar afwyking is, is dit haas altyd in die rigting

¹⁾ As *die pad* (bf. 89) reeds *weg* aandui, dan het die onderskeiding tussen *de* en *bet pad* al weggeval en moes *padda* algemeen geword het.

van die oorheersing van *de* (*die*) teenoor *het*, die verlorende party.

Die lidwoord *de* word oorwegend soos in die skryftaal weergegee, maar daar is genoeg aanduidings dat 'n *die* daaragter kán skuilgaan, bv. in die ongemotiveerde afwisselinge soos *de* x *die berg* (23), *de vley* x *die somma* (31), *de waer beyt* x *di man* (121), óf dit tree by seldsame geleenthede onbeskaamd op, bv. in brief 5 (1766) 2 keer uit 2, en in 23 (1776) 12 keer uit 14 (plus 2 keer as betreklike vnw.) As ons die nodige toegewings maak, kan ons hieruit seker besluit dat *die* in die volksmond dikwels genoeg gehoor is, moontlik selfs oorheersend, maar of dit reeds alleenheersend was, is bepaald te veel gesê. Weereens trek ons die gevolg dat ons teen 1800 nog op die brug staan.

Dr. Hesseling sien in die verdwyning van die neutrumonderskeiding 'n kreolisme, veral as nawerking van die slawe se bemiddelende Maleis (177—8). Ons het inderdaad opgemerk hoe genusklasse in die gekleurdes se krom-Nederlands saamval in 'n genuslose *die*, waarby Maleis egter nie hoef betrokke te wees nie. Maar die verskynsel is nie tot hulle of tot Nederlands beperk nie: die verwante Europees-Engels het uit 'n drie-, en later 'n tweeklassesistiem 'n sinkretiese *the* ontwikkel, wat as proses tot vandag toe nog nie bevredigend verklaar is nie. Die Nederlandse seemanstaal van die 17de eeu het ook die kenmerk geopenbaar.

Hoe die ontwikkeling in die rigting van genusloosheid gesien moet word, weet ek nie. M.i. is die beginpunt (om watter rede ook al, soos dialekvermenging, verswakking van die behoudende kragte, onderhewigheid aan kreoolse vorme, e.d.) 'n onsekerheid in die gees van die spreker wat die keuse moet maak tussen die manlik-vroulike en die onsydige genusaanduidende lidwoord (kongruerende vnw.e en b.nw.e buite rekening gelaat). Die redes vir die weifeling kan op verskillende tye verskillend wees, bv. aan die begin vermenging van dialekte, en later verslapping van remmende faktore. Die onsekerheid lei daartoe dat (in Nederlands aan die

Kaap) die manlik-vroulike lidwoord gekies word, waarskynlik omdat dit frekwenter is (*bet*-woorde is nie net veel minder in aantal as die *de*-woorde nie, maar word na die vorm self *de* in die meervoud), en miskien ook omdat die neutrum in alle Indogermaanse tale as onbeduidender aan gevoel word, o.a. volgens Gerlach Royen. „Bij de splitsing in mannelijk en vrouwelijk gold meer de macht dan de sekse: mèt het neutrum stond het femininum in een lagere waarderingsklasse” (De Vooy's 45). Die aanduidings hoërop is merendeels nie strydig hiermee nie. Daar vind dan op Afrikaanse bodem gaandeweg 'n reïnterpretasie plaas waarvolgens sekse-onderskeidings bly waar dit nodig is om juis die onderskeiding te maak (*leeu* teenoor *leemannetjie* en *-wyfie*), maar die genusonderskeidings verdwyn geleidelik — 'n proses wat m.i. teen 1800 nog lank nie afgeloop was nie. (Vgl. dr. S. A. Louw se besware teen die standpunt in sy *Dialekvermenging en taalontwikkeling* 96—8).

Daar is nog 'n ander aspek van belang. Dr. Hesseling voer aan dat aangesien *de* in die eerste helfte van die 17de eeu die gebruiklike vorm in Nederlands was, die afwykende Afrikaanse *die* 'n reïnterpretasie van die aanwysende vnw. *as lidwoord* kan wees, presies parallel met 'n analogiese ontwikkeling in Maleis-Portugees wat dan die beïnvloedende faktor en die beginpunt sou gewees het (die Portugese demonstratief *aquelle*, *-a* en *-o* het in Maleis-Portugees tot die genuslose *ackel* as *lidwoord* oorgegaan). Dr. Bosman het ongetwyfeld gelyk as hy in *die* as lidwoord in Afrikaans in die eerste instansie 'n voortsetting van 'n meegebragte verskynsel sien (92, 110). Net soos die onbepaalde lidwoord 'n verswakte vorm van die telwoord *een* is, is die bepaalde lidwoorde *de* en *het* (*et*, *'t*) verswakte vorme van die aanwysende vnw.e *die* en *dat*. In Middelnederlands het die demonstrativa *die* en *dat* òók diens gedoen as bepaalde lidwoorde, maar dan swakker geaksentueerd, en agter die spelling *die* van toe sou ook 'n *de* en agter *dat* 'n *et* weggekruip

het wat proklities as *d* en *t* voorgekom het. In die 16de eeu het hierdie *de* en (*b*)*et* by wyse van teenstelling met die demonstrativa die oorhand behaal en in die 17de eeu algemeen geword, maar nie alleenheersend nie, want, sê prof. De Vooy, met byhaling van bewysplase, „omgekeerd handhaafde zich *die* als lidwoord in de zestiende eeu, al werd het toen minder gebruikelijk . . ., in de oudere periode van Vondel's taal . . ., in de volkstaal van de zeventiende eeu, terwijl het ook nu nog niet geheel verdwenen is . . .” (68). Die Duitse element kon bygedra het om hierdie voller en miskien nadrukliker konkurrent van *de* sterk te hou totdat dit later prakties as enigste bepaalde lidwoordsvorm sal oorbly. Deurdad die genususonderskeidinge ondergegaan het en *die* in die gebruik as lidwoord algemeen geword het, het daar in die pronominale stelsel by wyse van distansering hieruit allerlei strukturele wysigings ontstaan: *dat* het as demonstratief verdwyn, *die* het as sodanig ingekrimp, *hierdie* en *daardie* het, veral adjektiewies, opgang gemaak (ek het geen vindplaas van hulle voor 1800 gesien nie); *wat* het as betreklike vnv. veld gewen (bewysplase voor 1800 volop, ook reeds by Wikar), e.d. ,wat in die volgende tydvak ter sprake moet kom. Op die stramien van die Afrikaanse taal is daar dus allerlei ingeweef: veel wat in Nederlands verouderd of dialekties geword het, daarnaas ook veel uit die deftige taal en die ABN, maar ook nuwe ordeninge om in die behoeftes te voorsien en die taalvorm sy eie struktuur te laat kry.

§67. Samevatting.

Daar is allerlei kenmerkende trekke van Afrikaans wat ons in die kolonistetaal teen 1800 soos gereflekteer in die genoemde briewe en stukke nog nie op die lyf geloop het nie, al moes sommige daarvan al aanwesig gewees het. Oor die klankebestand is ons miskien nog die beste ingelig, maar dit geld veral uiterlike sake; ons tas in die duister aangaande die artikulasie (bv. van die vokaal in *dit is wit*) en die artikulasiebasis, die intonasie en aksentkoepeling, die spreektempo, die sandhi e.d.m. Oor die

woordeskat het ons goeie aanduidings, ofskoon ons meer as eens graag meer oor die gevoelswaarde en die graad van platheid of verhewenheid sou wou gewees het. By die vormleer het ons al minder vastigheid. Die opsetlikheid in die vermyding van vulgêre vorme en die mag van die skryftaaltradisie stig by die beoordeling van 'n verskynsel soms onsekerheid, òf die strewe na verhewenheid kan veroorsaak dat 'n taalfait weens sy „platheid” lank verborge bly. Baie sintaktiese groeperings word verder nog gemis. 'n Geval van kernomringing deur partikels van rigting kom 'n enkele keer voor om te laat vermoed dat die verskynsel al sterk kon gestaan het (*uyt de kraal uyt* in bf. 70 Ao 1784), maar daar is nog geen vindplaas van die tweeledige, tipies Afrikaanse ontkenningsmanier opgemerk nie, terwyl die heel oue en meegebragte tipe *en* plus (hulp)werkwoord . . . *niet/geen/nooit* ens. (soms geïnverteerd) vry dikwels voorkom, meestal, na dit skyn, gelykwaardig aan die vorm sonder *en*, waarmee dit afwissel. In bf. 26 (1776) het ons een keer: *daar geen water en was*, daarnaas vier maal *geen* sonder die *en* en twee maal *niet* alleen. Die ontkenning met *en* was waarskynlik nie as plat gewaardeer nie; dit was eerder nog verhewe, soos in die Statebybel, en moet wellic as 'n snel verouderende wending aangesien word wat daarom uitgesak het.

Dit is duidelik dat daar veel is wat ons moet weerhou om met stelligheid van „Afrikaans” in blankemond by die kolonistegroep of boerestand binnelands teen 1800 te praat; dit is egter ewe duidelik dat ons die taalvorm van die plattelanders nie langer as „Nederlands” kan bestempel nie, naamlik nie net op grond van sy uiterlike trekke nie, maar veral omdat die struktuur, die patroon, die stramien op verskeie terreine radikaal verander het of aan die verandere is. Die benaminge *Kaaps-Hollands* of *Boeren-Hollands* wat nou al begin opduik, is nie so sleg gekies nie. Moontlik bring 'n vervolgc op hierdie deel dit beter in relief.